ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 320
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

Valtra-trekkers werk so hard soos die boere in die Drakensberge

Van Angus tot Brangus:

Waar kom die beesras vandaan?

Alles wat jy moet weet voor jy jou hommeltuig laat opstyg

Valtra trek pienk aan vir ’n goeie doel

www.agri4all.com

www.proagri.co.za

3E TRACTOR

Built for vineyards, orchards and row crops

Compact in size. Strong in capability.

NAMPO, Vee en Vooruitgang

Geagte leser,

Hierdie jaar het ek al drie die NAMPO-ekspo's bygewoon. Enigiemand wat al by NAMPO was, weet dat daar merkwaardige dinge in die landbou gebeur – en dit is juis dáár waar 'n mens van al hierdie verwikkelinge leer.

By die onlangse NAMPO Alfa het ek die besondere geleentheid gehad om met stoettelers te gesels wat nuwe dinge in die beesbedryf probeer bereik deur middel van teling. Ons praat nie hier net van geharde, vrugbare diere wat goeie vleis lewer nie, maar van diere wat tweedoelig ingespan kan word. Dink maar aan bont Brahmane wat vir sowel hul vleis as hul vel gebruik kan word, of 'n massiewe Chianina wat met 'n Santa Gertrudis gekruis word – diere wat blitsvinnig daardie kilogramme aansit!

Vir my is die vee-afdeling van die landbou nog redelik nuut, so ek luister gewoonlik aandagtig na elke teler se droom. Dit maak my opgewonde om te hoor dat daar boere daar buite is wat bereid is om hierdie tipe kanse te waag. Dit was natuurlik ook sommer net lekker om weer die diere self by NAMPO te sien.

Wat veilings betref, het ons by ProAgri nog net twee op ons dagboek oor vir die jaar. Tog het ons vanjaar weereens veilingsresultate gesien wat jou werklik opgewonde maak — soos Tokkelos die ram wat onlangs vir 'n geskiedkundige R520 000 by die Hatari Platinumveiling verkoop is.

In hierdie maand se uitgawe kan jy terugkyk na al die hoogtepunte van NAMPO Kaap en meer leer oor waar die Brangus-beesras oorspronklik vandaan kom. Ons kyk ook na die masjiene wat boere in die Drakensberge op hul suiwelplase inspan, en delf bietjie dieper in die wêreld van biobrandstof.

Landbou is nie net een van die belangrikste bedrywe vir die wêreldbevolking se oorlewing nie; dit is ook baie duidelik dat ons bedryf die voortou neem wanneer dit kom by innovasie en vooruitgang.

Liewe leser, ons hoop jy geniet hierdie uitgawe terdeë — ons het dit immers terdeë geniet om hom vir jou saam te stel!

INHOUDSOPGAWE / CONTENTS

Voorbladartikel

2 Valtra in pienk getooi vir 'n goeie doel

Nuus

6 NAMPO Kaap 2026 wys weereens sy uitnemendheid wat betref landbou-ontwikkeling

Meganisasie

9 Dairy farming with heart and horsepower in the Central Drakensberg
13 New Holland se nuwegenerasie-T7-trekkerreeks is die toekoms van boerdery

Hulpbronbestuur

15 Limited offer on Rebelo super heavy bale netwrap
16 The leader in irrigation! Irrigate effectively with Irrigation Unlimited's travelling irrigators
17 Volg hierdie nuttige kontrolelys voordat jy 'n hommeltuig op jou plaas inspan
18 Hoe Afrika-boere op hommeltuigtegnologie reageer
20 Biobrandstof bied 'n groiegeleentheid vir Suid-Afrika se landbou- en energiebedryf
22 Lawentel as alternatiewe gewas: Meer as net 'n mooi pers land

Gewasproduksie

26 AgroFors: Jou vennoot in gehaltesaad en volhoubare voeroplossings
27 Rooibos maak reeds jare lank wêreldwyd opgang

Vee & Wild

29 Cheetah Conservation Botswana baan die weg vir vreedsame bestaan tussen veeboere en uiters bedreigde jagluiperds: deel 2
31 Die storie agter die ras: Van Angus tot Brangus
34 Het jy geweet? Volstruise is groot, maar gebou vir spoed!

Op ons voorblad

Vir Santie van Rensburg is haar pienk Valtra-trekker soveel meer as net 'n trekker: dit is 'n boodskap van hoop vir haar en die landbougemeenskap. 'n Belangrike boodskap om borskankerbewustheid verder in die landbougemeenskap in te dra.

ProAgri

Office Park, Silver Woods Blvd,
Silverwoods Country Estate, Pretoria, 0054
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

Die ProAgri Span

Redakteur tydskrif en aanlyn
Natasha Pretorius > 083 468 2653 natasha@proagri.co.za

Verslaggewers
Benine Ackermann > benine@proagri.co.za
Loren Howard > loren@proagri.co.za

Taalversorger en journalis
Martie Bester > martie@proagri.co.za

Uitvoerende kreatiewe direkteur
Anja Griesel > 079 959 6724 anja@proagri.co.za

Uitleg en ontwerp
Heinrich Jansen, Stella van Eeden en Sean Spijkers

Kliëntverhoudingsbestuurder en navrae
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

Bemarkingsbestuurder
Diane Grobler > 082 555 6866 diane@proagri.co.za

Bemarkers
Tiny Smith > 082 698 3353 tiny@proagri.co.za
Brenton van Rooyen > 074 486 9931 brenton@proagri.co.za
Kayla McKenzie > 084 560 0123 kayla@proagri.co.za

Verkoopsbestuurder
Quintus Grobler > 074 424 0055 quintus@proagri.co.za

Rekeninge
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

Verspreiding en intekening
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

Sakebestuurder
George Grobler

VALTRA IN PIENK

GETOOI VIR 'N GOEIE DOEL

Drie generasies van Van Rensburgs saam met die pienk Valtra.

deur Loren Howard

Tussen die gewasse op ’n gemengde boerdery by Skuinsdrift in Noordwes is daar min dinge wat so vinnig die oog vang soos ’n helderpienk Valtra. Hier word onder meer met saadmielies, sojabone, sonneblom, witbone en koring geboer, terwyl beeste ook deel van die boerdery vorm.

Vir Santie van Rensburg is dié trekker egter veel meer as net ’n mooi masjien in haar gunstelingkleur. Die pienk Valtra se slanke bou maak haar besonder geskik vir werk tussen die rye saadmielies, waar sy kan beweeg sonder om die omliggende plante raak te trap. Maar terwyl sy haar plek tussen die rye volstaan, verrig sy ook ’n tweede taak: om ’n belangrike boodskap oor borskankerbewustheid verder die landbougemeenskap in te dra.

“Eintlik gaan hierdie pienk trekker vir my meer oor die bewusmaking van borskanker in die landbousektor spesifiek,” sê Santie.

En agter die pienk Valtra skuil ’n storie wat eintlik heel toevallig begin het.

Santie van Rensburg

Van 'n grappie tot iets met betekenis

Santie vertel dat sy nog altyd van pienk gehou het. Toe daar oor trekkers gepraat word, het sy gereeld geskerts dat die manne tog net een moet koop en hom pienk maak.

Toe ’n tweedehandse blou Valtra-trekker later teruggestuur moes word om ’n paar verstellings te laat doen, het sy weer haar kans gewaag: Maak hom pienk.

Die aanvanklike antwoord was nee. Maar Santie het ’n beter rede gehad as bloot haar liefde vir die kleur: “Kom ons maak hom pienk vir borskanker.”

Daarna het die saak vir ’n ruk stil geraak, totdat haar seun haar eendag onverwags gebel het en gessê het sy moet vinnig “iets” kom kyk.

Daar het die Valtra gestaan. Pienk. Met ballonne en al.

“Dit was my groot verrassing, want ek het nie gedink hulle sal dit rêrig doen nie,” vertel sy. Vir Santie was daar ook iets besonders daaroor dat die manne, haar man en seun, bereid was om weg te beweeg van die tradisionele rooi, groen of blou trekker. “Dit was vir my lekker om te sien dat my twee manne se harte op die regte plek is.”

Dit is juis hier waar die storie vir Santie groter as een trekker word. In stede en groter dorpe is Oktober se borskankerbewustheidsveldtogte moeilik om mis te kyk. Pienk linte verskyn in winkelsentrums, ondernemings, advertensies en veldtogte. Maar Santie vra ’n eenvoudige vraag: Waar sien ’n mens dieselfde bewusmaking in landbou? Waar is die pienk lint op die plaas?

Baie mense op plase en in landelike gemeenskappe woon ver van die groot sentrums waar gesondheidsboodskappe deel van die alledaagse omgewing is. Hulle loop nie noodwendig elke dag verby plakkate en bewusmakingsveldtogte nie.

Santie sê sy het dít besef toe sy met vroue begin gesels het wat eerstehandse ervaring van borskanker gehad het. “Daar is soveel goed wat ’n mens nie weet nie. Jy hoor van borskanker, maar jy weet nie eens dat daar ’n klomp verskillende soorte is nie.”

Vir haar beklemtoon dit waarom landelike bewusmaking so belangrik is. Mense moet nie net weet dat borskanker bestaan nie. Hulle moet ook weet dat daar hulp, behandeling en hoop is.

Die vrou agter die boerdery

Maar die pienk Valtra vertel ook ’n tweede verhaal: een oor die rol van vroue in landbou.

Volgens Santie word daar maklik van die “boer” en die “boerdery” gepraat, sonder om altyd raak te sien hoeveel vroue deel vorm van die stelsel wat uiteindelik kos op Suid-Afrikaners se tafels plaas. Op die plaas self beskryf sy die boer en sy vrou as twee steunpilare. “Die vrou in die boerdery, saam met die man, is twee steunpilare. En as die vrou wegval, kan die boerdery se dak inmekaar sak.”

> **“Die vrou in die boerdery, saam met die man, is twee steunpilare.”**
>
> Santie van Rensburg

Vir haar gaan dit egter oor meer as die boervroue. Dit gaan oor die vrou wat kosblikke pak en kinders skool toe neem; die vrou wat na ouers en grootouers omsien; die vrou wat luister wanneer die druk van die boerdery swaar raak. Maar dit gaan ook oor die vrou wat fisies op die plaas werk.

Dit is die vroue wat saailinge plant, gewasse uit die grond haal, in pakhuise en kantore werk en talle ander take verrig wat nodig is om ’n moderne landbouonderneming aan die gang te hou.

En juis daarom glo Santie hul gesondheid en uitdagings verdien ook meer aandag.

“Mense sien die boer en hulle sien die brood op die tafel,” sê sy, maar hulle sien nie noodwendig hoeveel emosie, pyn en harde werk uiteindelik in daardie brood ingaan nie.

Nie elke vrou het dieselfde toegang tot hulp nie

Dit is ook hier waar borskankerbewustheid vir Santie besonder ernstig raak.

Nie alle vroue wat in landbou werk is in dieselfde posisie wanneer hulle siek word nie. Sommige het toegang tot mediese sorg, inligting en behandeling, terwyl ander vroue op plase en in afgeleë gemeenskappe baie minder toegang tot dieselfde hulpbronne het.

“Daar is vrouens wat nie in die bevoorregte posisie is nie,” sê Santie. En kanker, voeg sy by, kies nie tussen huishoudings nie. Dit raak ons almal.

Daarom hoop sy dat die pienk trekker uiteindelik nie net aandag sal trek nie, maar ook inligting verder die platteland in sal help dra. “Daardie mense moet bereik word. Daardie mense moet meer inligting kry.”

In Oktober kan 'n nuwe Valtra nóg meer beteken

Die boodskap van die pienk trekker word vanjaar verder gevoer deur Valtrac se Oktober-inisiatief.

Vir elke Valtra wat gedurende Oktober aangekoop word, sal Valtrac R10 000 tot borskankernavorsing bydra. Kopers het boonop die geleentheid om hul nuwe Valtra gratis pienk te laat verf, sodat die boodskap lank ná Oktober steeds op plase en paaie sigbaar kan wees.

Die aanbod geld spesifiek vir nuwe aankope wat gedurende Oktober gemaak word. Bestaande transaksies wat reeds voor Oktober aangegaan is, kwalifiseer nie vir die veldtog nie.

Skoondogter Erica van Rensburg saam met Frits jnr.

Vir Santie is die gedagte agter ’n pienk trekker egter net so belangrik as die kleur self.

Sy wil graag sien dat boerderye die geleentheid gebruik om die vroue wat elke dag saam met hulle werk, raak te sien.

“Ek sal graag elke boerdery in Suid-Afrika wil uitdaag om ’n pienk trekker te koop, sodat die vroue in jou boerdery kan sien dat jy omgee, dat jy hulle raaksien en dat jy hulle eer en waardeer vir wat hulle in jou boerdery beteken.”

Bronwyn Cilliers en Tacye Dedwith, direkteur van Valtrac en self ’n borskanker-oorwinnaar by die pienk trekker.

Laat die pienk boodskap verder ry

Vir Santie bly die trekker iets besonders.

“As ek hom sien, dan word my hart sommer so warm,” sê sy.

Maar die werklike sukses van die projek sal nie gemeet kan word aan hoeveel mense omdraai om na ’n helderpienk Valtra te kyk nie. Dit sal lê in die gesprekke wat daarna volg – oor borskanker, vroeë bewusmaking, toegang tot inligting én die vroue wat elke dag ’n belangrike deel van Suid-Afrikaanse landbou vorm. Kontak jou naaste Valtrac-verteenwoordiger gedurende Oktober om meer oor die veldtog en kwalifiserende aankope uit te vind.

Want hierdie Oktober gaan pienk nie net oor ’n kleur nie. Dit gaan daaroor om vroue raak te sien – en om ’n boodskap van hoop tot in die verste hoek van die plaas te laat ry.

Santie van Rensburg saam met Giel Lombaard, verkoopsverteenwoordiger by Valtrac Lichtenburg, wat hierdie wonderlike geleentheid moontlik gemaak het.

CELEBRATE

BRAAI DAY

Refrigeration solutions for the Food Processing and Agricultural industries.



COLCOIL
TECHNOLOGIES
HEAT TRANSFER SOLUTIONS

T +27 21 907 4222 • **E** colcoilsalescoms@colcabct.co.za • **www.colcoil.co.za**

PARTNERING WITH PEOPLE TO CREATE EXCEPTIONAL VALUE

NAMPO Kaap 2026

wys weereens sy uitnemendheid wat betref landbou-ontwikkeling

Hierdie jaar se NAMPO Kaap was weer een vir die rekordboeke! Elke jaar verwelkom Bredasdorp duisende besoekers en boere vir die NAMPO-ekspo. En hierdie jaar is hulle weereens verwelkom met vriendelike gesigte, groot toerusting, die bekende koel weer asook 'n magdom koffie-opsies.

deur Victor Moolman

Een van die hoogtepunte van NAMPO Kaap is gesellige kuiers by die standplase waar mense oor boerdery, gereedskap en meer kan gesels.

NAMPO bring nie net mense bymekaar nie, dit bring idees na die tafel. Boere kom van ver om die geleentheid by te woon, en natuurlik sorg dit vir uiteenlopende gesprekke. Die soort gesprekke wat lei na boereplanne wat gemaak word, na oplossings wat gevind word en na 'n belowende toekoms vir landbou. Boere leer by mekaar, en dit is tog die hart van enige NAMPO: die wyse waarop Suid-Afrikaanse boere vooruitgang beleef, is deur by mekaar te leer.

Die uitstallers was nie daar om oor verkope te stry of met mekaar mee te ding nie. Inteendeel, die verskillende verteenwoordigers het eerder op landbou as 'n geheel gefokus. Soos by enige NAMPO was daar weer talle nuwe produkvrystellings, wat net weereens bewys het dat landbou nie 'n industrie is wat stilstaan nie maar eerder van tegnologie gebruik maak om vooruitgang te verseker.

Trekkers, trekkers, trekkers ... en nog vele meer

Of 'n besoeker nou NAMPO Kaap bygewoon het om net die geleentheid te geniet of doelgerig gegaan het om 'n nuwe stuk toerusting te bekom, daar is een werktuig wat uitgestaan het. Die baas van die standplaas: trekkers.

'n Trekker is seker die veelsydigste voertuig op enige plaas: hy kan ingespan word om swaar implemente te sleep vir grondvoorbereiding, plant, spuit of oes, en gebruik word vir materiaalhantering of selfs om swaar toerusting te verskuif. Hoe dit ookal sy, die trekker is baas op enige plaas – en NAMPO is eenvoudig 'n bewys van die groot verskeidenheid handelsmerke en groottes wat beskikbaar is.

Boere kan altyd kies tussen uiteenlopende trekkeropsies.

Daar was natuurlik nie uitsluitlik landbougereedskap te sien nie, maar ook grondverskuiwingsmasjinerie, besproeiingsoplossings, saadmaatskappye, gereedskapsvervaardigers en vele meer.

Daarbenewens was niks ontoeganklik nie. Boere kon in elke trekker klim om hom van nader te bekyk sodat hulle die geskikste stuk toerusting vir hul behoeftes kan kies.

Selfs die kinders het dit terdeë geniet om in stropers so groot soos geboue te klim en oor hul eie toekomstige boerderye te droom.

Vir diegene wat meer van iets hou wat op teer ry, was daar ook 'n reeks verskillende voertuigmaatskappye wat hul produkte uitgestal het. ISUZU, Toyota, Nissan, Ford en ander vervaardigers het hul nuutste voertuie aan besoekers bekend gestel, of dit nou 'n gemaklike nutsvoertuig vir 'n boervrou of 'n sterk 4x4-bakkie vir die boer was.

Hulle kon agter die stuur van die nuutste D-Max inskuif, of die nuwe Toyota Hilux van nader bekyk. Selfs kampeerhandelaars het hul nuutste en gerieflikste karavane en waentjies uitgestal.

Klein goed, groot goed en kreatiewe oplossings vir alledaagse probleme

Een van die dinge wat al hoe gewilder raak in die landboubedryf is die gebruik van robotte en kunsmatige intelligensie (KI). By NAMPO Kaap het hierdie soort tegnologie groot byval gevind onder die besoekers.

Robotte in die landbou is daarop gemik om doeltreffende oplossings te bied vir ’n groot reeks uitdagings wat op die plaas voorkom, soos outomatiese grassnyers, hommeltuie wat oeste met presies die regte hoeveelheid plaagdoders of kunsmis kan bespuit en presisieplant-tegnologie om te verseker dat jou oes winsgewend bly.

Standplase het in stalletjies verander namate besoekers binnetoe beweeg het, en die stalletjies het daar selfs meer presisietegnologie uitgestal. Sateliet- en GPS-stelsels, besproeiingstegnologie en solarkrag het hier die meeste aandag getrek. Hedendaagse boerdery verg nie net meer bloed en sweet nie, maar boere moet ook kyk na hierdie soort oplossings sodat hulle koste kan bespaar en meer volhoubaar kan boer.

En dan was daar natuurlik ook kunsvlyt en lekkernye om die dag net so ’n bietjie soeter te maak. Besoekers kon hulle verkyk aan handgemaakte leersakke en geweerskope tot speserye en skaappantoffels. Hier kon boere en hul families hulself behoorlik bederf. Tussendeur was daar ook versekeringsmaatskappye wat boere gerusstelling bied as iets met hul oes skeefloop. Natuurlik is doeltreffende kommunikasie van uiterste belang, veral op afgeleë plase, en gevolglik het maatskappye wat spesialiseer in kommunikasie hul beste oplossings na NAMPO Kaap gebring.

’n Boer neem sy plek in agter die stuur sodat hy ’n duidelike prentjie kan kry van hoe hierdie trekker werk voordat hy ’n besluit neem.

Die toekoms van NAMPO Kaap staan nog sterk! Wees gerus, daar sal nog baie geleenthede wees om saam met ander boere skouer te skuur in die toekoms. Vir meer ingligting, besoek **www.nampokaap.co.za**



Lewensgrootte-uitstallings van gereedskap trek altyd die aandag by NAMPO Kaap.

Honde, skape, hoenders … en besoekers kuier lekker in die veetent

’n Hoogtepunt by enige NAMPO is die diere en daarom was die Land Bank-veetent weereens ’n groot trek-pleister. Hierdie tent het veral op die koue en reënerige dae baie besoekers gelok.

Daar was honde, skape, hoenders, ponies, eende, kalkoene en selfs bokke, en as ’n besoeker mooi gevra het, kon jy ’n wortel kry om vir die ponie te voer. Die diere in die tent was van uitnemende gehalte en het ook verskillende rasse en uiteenlopende variëteite ingesluit.

Te midde van al die geritsel en geraas van die diere in die veetent, moet ’n mens tog steeds onthou dat NAMPO Kaap eintlik vir boere bedoel is! Daarom was hierdie die perfekte geleentheid vir genootskappe om kontak met boere te maak.

Boere laat NAMPO Kaap-besoekers toe om sekere diere in die veetent te voer.

GEREED VIR DIE WERK WAT VOORLÊ

By Gershan Dairy weet Shane Driemeyer dat plaaswerk nie elke dag dieselfde lyk nie. Van daaglikse melk tot kuilvoerproduksie en weidingsbestuur, bied die Valtra A5 HiTech-reeks die veelsydigheid, krag en beheer wat nodig is om 'n werkende plaas aan die gang te hou.

EEN TREKKER. MEER MANIERE OM TE WERK.
Krag. Veelsydigheid. Gerief. Beheer.

SKANDEER OM TE HOOR WAAROM SHANE VALTRA GEKIES HET

VALTRA-HANDELAAR:

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac

VALTRA

JOU WERKENDE MASJIEN

Dairy farming with HEART AND HORSEPOWER in the Central Drakensberg

by Natasha Pretorius

Nestled in the foothills of KwaZulu-Natal's Central Drakensberg in the small town of Winterton, you will find Welgekozen farm, where Shane Driemeyer of Gershan Dairy represents the resilient new generation of farmers on this land. After joining his father in 2016 and taking over the reins in 2021, Shane's journey has been defined by deep respect for the land and an unwavering determination to overcome tough challenges.

Like many others, Gershan Dairy has faced its share of hurdles, from managing contagious abortion (CA) in the herd to navigating the recent foot-and-mouth disease (FMD) outbreak.

"It's been trial and error, and [we are] trying to figure out how to manoeuvre all of these different things that we are not used to facing on a daily basis," Shane says.



Valtra proudly services the Central Drakensberg region.

On Welgekozen farm, the two new Valtra tractors are used for various farming jobs.

It is, however, Winterton's natural blessings, such as an annual rainfall of 700 to 800 mm, abundant heat units for silage maize, and rich pasture conditions, that keep the farm moving forward with purpose.

At the core of Shane's philosophy is a commitment to working with nature rather than against it. Welgekozen farm embraces regenerative farming practices to reduce reliance on chemical inputs.

"We are trying to lower our fertiliser costs by using the local cow manure and chicken litter as fertilisers," Shane explains. "We collect our own cow manure right out of the dairy to spread onto the pastures and drylands, incorporating different crops based on soil needs. We figured that we are trying to work with nature instead of trying to work against it."

During the height of the FMD crisis, Shane realised his ageing tractor fleet was due for an upgrade.

"We had been running old tractors and basically just trying to get them through, but the time had come that we needed to actually look for something that was more reliable moving forward," he recalls.

That decision brought him into contact with Gerhard Fourie, Mechanisation Marketer for ValtraC, who brings 36 years of industry knowledge to the table. Rather than simply pushing big equipment, Gerhard paid close attention to Shane's daily operational demands on the farm.

Shane Driemeyer, owner of Gershan Dairy.

While coming up with a solution, Gerhard realised that **Shane did not necessarily need a higher-horsepower tractor, but a more versatile one that could perform a variety of jobs on the farm.** Before making a purchase, Gerhard wanted to show Shane what the Valtras could do.

He took a demo unit to the farm and hooked Shane's existing heavy implements onto the Valtra A115, and it handled the workload seamlessly, proving that a smaller-sized ValtraC can do the job.



In the dairy industry, farmers need reliable tractors that can keep up with demand.

Gerhard Fourie, Mechanisation Marketer for ValtraC.

Shane ultimately invested in two new machines, namely a Valtra A105 and the A115 model.

The A105 and the A115 forms part of the Valtra A5-series, which is a compact giant. Though it is small it is big in power and performance. It is available with the easy-to-use HiTech4 transmission to make your operation smoother and reduce fatigue during long hours. This series also features upgraded cab features, improved functionality and advanced electronics like ISOBUS and Valtra Guide compatibility.

Both tractors have better visibility with larger mirrors, LED work lights and a rear window dust strip. They have a 98-litre hydraulic pump and come with dealer fitted front end loaders or a front lift.

The A105 is a 105hp (78kW) tractor featuring AutoTraction and Power Shuttle and is designed for intensive daily yard and loader work. While the A115 is a 115hp (86kW) tractor with an ergonomic low-noise cabin and compatible with the Valtra Guide autoguidance, ISOBUS functionality, SmartTouch Extend and Valtra Connect telemetry.

Although these tractors have not been on the farm for very long, they have already clocked fewer than 180 hours each.

Gershan Dairy proudly owns two new Valtra tractors.

Both the new A5-series tractors on Shane's farm comes with a front loader subframe which allows Shane to not only use these tractors for his farming implements but make them a versatile allrounder on the farm. With this combination the tractor can be used for feeding livestock, bale handling, general yard maintenance and more. This provides a cost-effective alternative to buying a separate machine to do these jobs.

"Doing the jobs they have been bought to do, they have really exceeded my expectations," says Shane. "We have definitely got the productivity up, and we have far fewer breakdowns." For both Shane and Gerhard, this partnership extends far beyond iron and engine oil, as it is built on old-fashioned trust, honest advice and local community support.

"Reliability on a tractor is the service you receive from your dealer," Gerhard emphasises. "That is the most important thing. It is not about selling a tractor. The first thing is the service you can give the farmer, how fast you can deliver that service and having a solution if there is a problem."

Shane agrees wholeheartedly, praising the ValtraC team for keeping their word every step of the way: "Working with ValtraC has been an absolute pleasure. They have always been just a phone call away ... I've got the numbers of everyone from the mechanic right up to the MD. They don't keep you hanging. I would definitely recommend buying a Valtra."

If you are interested in seeing these amazing machines first-hand or purchasing one for your own farm, visit **www.valtra.africa**

VALTRA

VERWELKOM DIE NUWE GENERASIE T7-REEKS

DIE TOEKOMS VAN BOERDERY

TOT EN MET
PRIMA -6%*
50% DEPOSITO
2 JAAR / 24 MAANDE
*Bepalings en voorwaardes geld

Elegante lyne. Aantreklike kurwes. Styl wat koppe laat draai.

Die T7-reeks is aangedryf deur beproefde Vlak 3 NEF-enjins met die brandstofdoeltreffendheid wat jy vereis. Die nuwe geveerde kajuit, met verbeterde uitsig, verseker uiterste gemak vir daardie lang dae in die lande. Die hidrouliese olievloei en hyservermoë is verhoog, en gepaard met die 4-spoed kragaftakker (PTO) het jy veelsydigheid vir verskeie werktuie. Standaard telematika en outomatiese stuur, gepaard met verskeie satelliet-opsies hou jou in jou baan.

T7-Reeks modelle: **T7.230** (132 kW), **T7.245** (147 kW) en **T7.260** (162 kW).
Al drie modelle kan toegerus word met die 18x6 Power Command™ volle Power Shift-ratkas, of die Auto Command™ deurlopend veranderlike transmissie (CVT).

Rats en doeltreffend, gereed vir enige intensiewe boerdery.

UPTIME WARRANTY

3 JAAR / 3000 UUR UPTIME WAARBORG

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

CNH CAPITAL

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

www.newholland.com/za

Tindrum 26/073

NEW HOLLAND

SE NUWEGENERASIE-T7-TREKKERREEKS IS DIE TOEKOMS VAN BOERDERY

Artikel voorsien

Mooi lyne. Aantreklike kurwes. Verwelkom die nuwe drie-model T7-langwielbasisreeks van New Holland.

Hierdie opvallende ontwerp beskik oor nuwe “kat-oog”-ligte, aggressiewe viskieuagtige sy-openinge en ’n meeuvlerk-profiel-dak, toegerus met tot 16 LED-kajuitligte, insluitend kenmerkende motorstyl-ligte vir ware 24-uur boerdery.

Die Tier 3 NEF-enjins voldoen ten volle aan die vereistes vir die Suid-Afrikaanse mark en lewer tussen 180 en 220 pk (CV) of 132 tot 162 kW, terwyl die uitstekende brandstofdoeltreffendheid waarvoor die T7-reeks bekend is, behoue bly. Die nuwe geveerde kajuit met verbeterde sigbaarheid maak lang werksdae selfs nog gemakliker.

Ander spesifikasies, soos hidrouliese olievloei en hyservermoë, is verhoog, en die trekker beskik nou oor ’n 4-spoed kragaftakker (PTO). Telematika is standaard met outomatiese leidingstelsels en verskeie satellietsein-opsies beskikbaar.

Die drie modelle in die reeks is:

- T7.230 (132 kW)
- T7.245 (147 kW)
- T7.260 (162 kW)

T7-Reeks modelle: T7.230 (132 kW), T7.245 (147 kW) en T7.260 (162 kW). Al drie modelle kan toegerus word met die 18x6 Power Command™ volle Power Shift-ratkas, of die Auto Command™ deurlopend veranderlike transmissie (CVT).

Al drie modelle kan toegerus word met die 18x6 Power Command™ volle Powershift-ratkas of die Auto Command™ deurlopend veranderlike transmissie (CVT). Elektroniese hidrouliese kleppe is standaard. Verskeie ander opsies, soos ’n voorste hyser met PTO, kan gekies word volgens die boer se behoeftes. Twee Intelliview IV PLUS-skerms is ook standaard, sodat die trekkerfunksies en implement-ISOBUS-/leidingfunksies apart vertoon word vir beter beheer en sigbaarheid.

Ander opsies

Boere het ook volle toegang tot die FieldOps-portaal waar hulle hul plaas, vloot en data kan integreer en stoor – en dit is gratis! Die 3-jaar / 3 000-uur UPTIME-waarborg is standaard. CNH Capital-finansiering bied ook verskeie rentekoersubsidieplanne aan waartoe boere toegang kan verkry by **newhollandag.co.za**

Vir meer inligting, kontak jou naaste New Holland-handelaar of besoek www.newholland.com/za

LIMITED OFFER

SUPER-HEAVY BALE NETWRAP

MADE IN EUROPE

All Widths R3400 ex VAT Per Roll

BEST QUALITY

Avialable Widths : **123cm & 125cm**
UV Protection : **Yes**
Thickness : **13gr/m**
Length : **3600m**
Strength : **350kg/m / 3500N**
Elasticity : **21.5%**

REBELO AGRICULTURAL GROUP

Call Us Today

071 331 1990

071 331 1997

Limited offer on REBELO super heavy bale netwrap

by Bianca Pretorius

Every South African farmer knows that when hay season arrives, there is no room for delays. The window to cut, bale and store feed is often short, and weather conditions can change in an instant. That is why efficiency in the field is not just important – it is truly essential. Downtime, breakages or poor-quality inputs can cost valuable time and ultimately affect the quality of your feed. One of the key components in successful baling is reliable bale netwrap. It plays a critical role in securing the bale, maintaining its shape, and protecting the valuable fodder inside.

Choosing the right netwrap can make the difference between a smooth baling process and one filled with frustration.

Rebelo understands these challenges and has positioned itself as a trusted supplier of high-quality agricultural inputs. As a proud distributor of CPS bale net products, Rebelo brings farmers solutions that are designed with durability, performance and consistency in mind. CPS is a globally recognised manufacturer committed to producing bale netting that meets the highest standards, ensuring farmers can work with confidence during their busiest seasons.

CPS is focused on innovation, sustainability and customer service, which has helped build a reputation as a dependable partner in modern agriculture. The manufacturer's goal is simple: to provide farmers with products that improve efficiency, protect their harvests and contribute to long-term farming success.

Quality control is a major priority in the manufacturing process. More than 25% of CPS products are physically checked before shipment, ensuring consistent performance in the field. Advanced UV testing is conducted to guarantee that the netwrap can withstand prolonged exposure to sunlight, a crucial factor under South African conditions where bales are often stored outdoors.

In addition, mechanical testing is done using Zwick Roell machines. These tests evaluate key properties such as tensile strength, elongation, compression and overall durability. This means that every roll of netwrap is engineered to perform under pressure, providing peace of mind when it matters most.

The netwrap is available in widths of 123 cm and 125 cm, making it suitable for various baler sizes. With a thickness of 13 g/m and a length of 3 600 metres per roll, it offers excellent coverage and long-lasting use.

Its strength of 350 kg/m (3 500 N) ensures that bales are securely wrapped, while an elasticity of 21,5% allows for optimal tension and load distribution without tearing.

These features translate into tighter, more uniform bales that are easier to handle, transport and store. Properly wrapped bales are also better protected against weather elements, reducing spoilage and preserving feed quality for livestock.

For farmers, this means fewer interruptions in the field, improved productivity and better returns on investment. Reliable netwrap reduces the risk of breakages during baling and ensures that operations run smoothly, even under demanding conditions.

Rebelo is currently offering a limited deal on their super heavy bale netwrap, allowing farmers to invest in premium quality at a competitive price. This netwrap is designed for extremely demanding conditions and continuously delivers excellent performance across a wide range of baling operations, which is extremely beneficial for farmers.

At a price of R3 400 per roll (excluding VAT) across all available widths, this limited offer presents excellent value for money, especially considering the high standards of quality and testing behind the product.

As hay season approaches or gets underway, now is the time to ensure that every part of your operation is ready to perform.

"Make sure your next harvest is wrapped with quality you can trust."

Long rolls up to 3600 m

Linear strength 350 kg

High Elasticity

Top UV Protection

For more information about Rebelo's bale netwrap and to take advantage of this limited offer, contact them today on (+27)71-331-1990 or (+27)71-331-1997.

THE LEADER IN IRRIGATION!

Irrigate effectively with Irrigation Unlimited's travelling irrigators

By Ashleigh Schubert

IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

The water-powered travelling irrigator offers an affordable solution for farmers across Southern Africa.

The farmer always comes first; after all, he is the key player in the agricultural industry. This principle forms the foundation upon which Irrigation Unlimited is built.

As a leading irrigation wholesaler in South Africa, Irrigation Unlimited has been supporting dealers and farmers with in-novative irrigation solutions for over 23 years.

Irrigation Unlimited prioritises resource optimisation, including water and energy, to assist farmers effectively. Their practical irrigation solutions incorporate carefully selected components and technology.

This approach is crucial in a time where water and energy constraints are a reality. The company's commitment to quality and efficiency makes them a reliable partner for farmers in need of irrigation.

One of their successful systems is the Ocmis water-powered irrigator. This unit operates without electricity in the field, relying on water pressure and a gear system to move the spray cart across the land. In environments where power supply is uncertain or challenging, this blue workhorse is a winner!

Smart irrigation practices, such as watering in the evening, will also prevent rapid water evaporation due to sunlight, allowing crops to absorb more moisture.

Speed and precipitation is adjustable to suit your crop.

Effortless irrigation

The unit can be easily moved between fields using a tractor or even a pickup truck. The main water supply pipe can be placed underground in a safe location between the fields, avoiding interference with any soil preparation work on the farm.

The size of the unit determines how far the irrigation pipe can extend and how wide it can spray. Farmers can easily adjust the speed at which the spray cart moves based on crop water requirements.

These portable sprayers offer practical solutions with minimal risk.

Irrigation Unlimited's Ocmis travellers are well-suited for African conditions. Farmers can rely on these systems for efficient and cost-effective irrigation of their fields.

For more information on Ocmis systems, find your nearest Irrigation Unlimited distributor by visiting their website at **www.iunlimited.co.za** or contacting them at **(+27)12-736-2121**.

Irrigation Unlimited's Ocmis travelling irrigator makes farming easy.



The Ocmis irrigator in action.

VOLG HIERDIE

NUTTIGE KONTROLELYS

VOORDAT JY ’N HOMMELTUIG OP JOU PLAAS INSPAN

deur Victor Moolman

Hommeltuie is besonder interessante toestelle. Baie mense het al gesien dat hierdie klein vlieënde toestelle gebruik kan word vir die neem van uitstekende video’s en foto’s. Hommeltuie neem alles van rugbyvelde tot seeduine af. Vir ’n boer beteken ’n hommeltuig egter baie meer as dit.

Hommeltuie wat oor landerye vlieg, monitor die oes en plantegroei, kyk of diere veilig is, spuit kunsmis en plaagdoders en verrig nog vele ander take. Op ’n plaas is hommeltuie werkende toerusting wat doeltreffend en betroubaar moet wees.

Dit is dus uiters belangrik om te weet waarna om te kyk voordat die hommeltuig opstyg en voordat dit land.

Jou kontrolelys voordat die hommeltuig opstyg

Kontroleer die hommeltuig en die toerusting

Maak seker:

- Alle batterye is ten volle gelaai.
- Die beheerder verbind met die hommeltuig.
- Alle propellers werk en kan vryelik draai.

Gee ’n waarskuwing

Verskillende waarskuwingsfrases word gebruik, maar in Suid-Afrika is die algemeenste waarskuwing voordat die hommeltuig opstyg “Clear Prop”.

Waarskuwingswoorde voor bespuiting

Voordat die hommeltuig begin spuit, is die laaste waarskuwingswoorde wat gebruik word “Clear Spray”. Dit waarsku enigiemand wat moontlik in die landery is teen die hommeltuig en die bespuiting.

Maak seker dat alles op die hommeltuig gelaai is

Of jy nou gaan spuit of slegs sekere dele van die plaas gaan inspekteer, maak seker dat die hommeltuig korrek toegerus is met alles wat vir die taak benodig word.

Kontroleer die opstyg- en vlieggebied

Daar moet geen laaghangende drade of takke wees nie. Maak ook seker dat daar geen ander vliegtuie of hommeltuie in die gebied is nie.

Toets die opstyg en landing

Voordat die hommeltuig wegvlieg, moet dit eers aangeskakel word, opstyg en weer land. Dit bevestig dat alle stelsels korrek werk.

Jou kontrolelys voordat die hommeltuig land

Maak seker die landingsgebied is veilig

Voordat die hommeltuig terugvlieg, maak seker dat daar geen toerusting, ander hommeltuie of mense in die gebied is waardeur dit gaan vlieg nie. Hommeltuie op plase vlieg dikwels kophoogte om doeltreffend te spuit.

Waarskuwingswoorde wanneer die hommeltuig terugkeer

Daar is twee stadiums waartydens ’n waarskuwing nodig is. Wanneer die hommeltuig begin terugvlieg, gebruik die waarskuwing “Coming Home” of “Drone Returning”.

Waarskuwing net voordat die hommeltuig land

Wanneer die hommeltuig gereed is om te land, gebruik die waarskuwingswoorde “Drone Landing” of “Clear Ground”.

Hou die landingsgebied skoon

Voordat die hommeltuig wegvlieg, moet dit eers aangeskakel word, opstyg en weer land. Dit bevestig dat alle stelsels korrek werk.

Wag voordat enigiemand nader beweeg

Voordat jy of enigiemand anders nader beweeg om die hommeltuig byvoorbeeld met spuitmiddel te hervul, moet almal wag. Skakel die hommeltuig af en maak seker dat die propellers heeltemal tot stilstand kom.

Finale bevestiging

Die hommeltuigvlieënier gee die finale bevestiging voordat enigiemand nader mag beweeg. Die woorde is: “All Clear”.

Interessante feit: Hommeltuie beheer hul rigting deur die spoed en wring van hul propellers individueel aan te pas. Hierdie verskille in rotasiespoed laat die hommeltuig optsyg, land, en ook van rigting verander.

HOE AFRIKA-BOERE OP HOMMELTUIGTEGNOLOGIE REAGEER

deur Martie Bester

Ken Treloar, 'n wêreldkenner op die gebied waar plantwetenskap, plaasbestuur en tegnologie oorvleuel, het verlede maand vertel van watter beduidende waarde hommeltuie veral in Afrika-lande buite Suid-Afrika is. Hier volg deel 2 van die artikel.

Foto: Africandrone.org

Wanneer hommeltuigtegnologie sy opwagting maak

Skeptisisme, nuuskierigheid en dan vertroue, dit is gewoonlik die volgorde waarin hommeltuigtegnologie op 'n plaas, waar ookal ter wêreld, sy opwagting maak. Wat van land tot land verskil, is hoe lank elke fase duur, asook wat nodig is om 'n boer van die een fase na die volgende te neem.

"Ná jare aan die agri-hommeltuigkant van hierdie bedryf, en gedurende die tydperk wat ek op landbou-energie gefokus het, het ek 'n eerstehandse blik op hierdie proses onder 'n wye verskeidenheid landboutoestande gekry," sê Ken.

Van 'sal dit werk?' na 'hoe betaal ons daarvoor?'

"Die eerste vraag wat 'n boer oor 'n hommeltuig vra, gaan selde oor die tegnologie self. Dit is eerder 'n weergawe van: 'Het iemand wat ek vertrou dit al gebruik, en het dit vir hulle gewerk?' "

Mondelinge aanbevelings, tesame met 'n sigbare demonstrasie op 'n buurman se grond, doen meer om 'n skeptiese boer te oortuig as enige brosjure of webinaar. Wat verder noord, dieper in Afrika, anders is, is wat gebeur nadat daardie eerste vraag beantwoord is.

"In Suid-Afrika handel die volgende vraag gewoonlik oor die opbrengs op belegging teenoor 'n bestaande insetbegroting. Elders is die volgende vraag dikwels: 'Hoe betaal ons hoegenaamd daarvoor?'. Dit is presies waarom die diensverskaffersmodel so goed werk: 'n opgeleide operateur vlieg die hommeltuig teen 'n tarief, eerder as dat die boer self die toerusting moet aankoop en besit," vertel Ken.

Waarom het hierdie benadering so vinnig posgevat? Ken sê dit skakel die kapitaalvraag heeltemal uit en vervang dit met 'n koste per hektaar of per vlug, iets wat vir 'n kleinskaalse boer baie makliker is om te oorweeg en te begryp.

Foto: 360mozambique.com

> "Boere is risiko-sku.

Sodra daardie struikelblok uit die weg geruim is, is die ontvangs aansienlik beter, selfs meer as toe hy aanvanklik begin het om op plase rond te reis en sy stem by dié van ander te voeg ten gunste van die gebruik van hommeltuie.

"Ons moet onthou: boere is nie tegnologie-sku nie. Hulle is risiko-sku. Dit is iets heeltemal anders, en ook heeltemal verstaanbaar wanneer 'n swak seisoen die verskil kan beteken tussen 'n onderneming wat ondergaan en een wat oorleef," sê hy.

Tydens Ken se reise na Afrika-plase het sekere dinge veral vir hom uitgestaan.

Vindingrykheid

Hy het gesien hoe amateur operateurs hele hommeltuigvlote aan die gang hou met onderdele, praktiese planne en foutopsporingskennis wat sommige formeel opgeleide tegnici sou laat bloos.

Waar voorsieningskettings onbetroubaar is, word die mense wat hierdie toerusting bestuur, buitengewoon goed daarin om dit in die lug te hou, ongeag die uitdagings.

Die *leapfrog*-effek

In dele van die kontinent waar meganisasie nooit werklik posgevat het nie, beweeg sommige plase direk van handearbeid na hommeltuig-gebaseerde bespuiting en verkenning, sonder om ooit deur die trekker-en-spuitbalkfase te gaan wat Suid-Afrika lank as vanselfsprekend aanvaar het.

Dit is die landbou-ekwivalent daarvan om landlyne oor te slaan en reguit na slimfone te gaan, iets wat ons oral in Afrika sien, en dit sê baie oor hoe vinnig 'n werklik bruikbare hulpmiddel kan versprei sodra koste- en beskikbaarheidsbeperkings wegval.

Foto: Afgoesdigital.com

Foto: Vecteezy.com

Gemeenskap

Waar grond in klein erwe of persele verdeel is, word data en dienste gedeel op maniere wat minder algemeen op groter, kommersiële plase met 'n enkele eienaar voorkom.

'n Oorkoepelende groep wat een hommeltuig oor 40 kleinhoewes of kleinskaalse boere se erwe gebruik, is op sy eie manier 'n doeltreffender benutting van die tegnologie as 40 boere wat elkeen hul eie toerusting aankoop.

Boere moet steeds uitdagings trotseer

"Die uitdagings waarmee boere te kampe het, is oor meeste van die lande waarin ek gewerk het, meestal dieselfde," sê Ken. Daarom is dit die moeite werd om hulle hier te noem."

- **Aanvangskoste:** Selfs onder 'n diensverskaffersmodel bly dit 'n werklike uitgawe vir 'n kleinskaalse boer wat met klein winsmarges werk.
- **Verbindings- en kragprobleme:** Dit maak die aflaai van data, sagteware-opdaterings en die laai van batterye moeiliker as wat dit behoort te wees.
- **Onderdele en invoerregte** op hommeltuigtoerusting kan veroorsaak dat eenvoudige herstelwerk in 'n weke lange vertraging ontaard.
- **Opleiding en vaardigheidsontwikkeling** hou nie tred met die groeiende vraag na gekwalifiseerde operateurs nie.
- **Regulering verskil van een grens na die volgende**, wat dit moeilik maak vir enige operateur of maatskappy wat oor meer as een land heen wil uitbrei.

Die draad wat deur albei artikels oor die voordele van hommeltuie op plase in Afrika loop

As jy die twee artikels saamlees, is die prentjie duidelik: Afrika se boere word nie aan hommeltuie "verkoop" nie; hulle kies dit self en op hul eie terme sodra dit ekonomiese sin maak en die nodige vertroue daar is.

"Die omstandighede verskil aansienlik van plaas tot plaas en van land tot land, en die tegnologie wat suksesvol is, is die weergawe wat buigsaam genoeg is om by daardie omstandighede aan te pas, eerder as om van die boer te verwag om by die tegnologie aan te pas," sê Ken.

'n Hommeltuig-boodskap aan 'ProAgri'-lesers

"As jy in Suid-Afrika boer en nog nooit 'n hommeltuig oor jou eie grond gevlieg het nie, behoort die voorbeeld verder noord nie vir jou te vreemd te voel nie.

"Dieselfde logika, vertroue wat deur demonstrasie opgebou word, koste wat deur diensverskaffersmodelle verlaag word, en besluite wat vroeër geneem kan word omdat die data vroeër beskikbaar is, geld vir 'n sitrusblok in die Oos-Kaap of 'n plaas in die Vrystaat as vir 'n kleinskaalse boerderyperseel in Oos-Afrika.

"Die skaal verskil, maar die onderliggende patroon bly dieselfde. En as jy 'n landboubesigheid, insetverskaffer of voorligtingsbeampte is wat hierdie artikel lees met die res van die kontinent in gedagte, lê die geleentheid nie daarin om 'n Suid-Afrikaanse model onveranderd uit te voer nie.

"Dit lê daarin om die operateurs en diensverskaffers te ondersteun wat reeds besig is om die tegnologie aan te pas by omstandighede waaroor Suid-Afrikaanse boere waarskynlik nie eens hoef te dink nie."

BIOBRANDSTOF

bied 'n groeigeleentheid vir Suid-Afrika se landbou- en energiebedryf

deur Victor Moolman

Biobrandstof is nie 'n vreemde begrip vir enigiemand wat op hoogte bly van wêreldgebeure nie. Dit is brandstof wat uit verskillende bronne vervaardig word met slegs een doel: om skoner te brand en minder afhanklik van ruolie te wees.

Suid-Afrika is in 'n unieke situasie: die land raak al hoe meer afhanklik van ingevoerde, reeds verfynde brandstof.

Sowat 75% van die land se brandstof word uit die buiteland ingevoer, terwyl slegs 25% plaaslik uit ruolie verfyn word.

Terselfdertyd is daar talle boerderye wat nuwe maniere soek om inkomste te verdien. Dit is hier waar biobrandstof 'n oplossing vir twee probleme bied.

Boere kan sekere gewasse verbou, terwyl die raffineringsbedryf spesifieke grondstowwe nodig het om brandstof van hoë gehalte te vervaardig.

Daarbenewens kan biobrandstof van gebruikte kookolie en organiese afval uit boerderye vervaardig word. Die verwerking van suikerriet en ander graansoorte kan ook bydra tot die ontwikkeling van dié brandstof.

Suikerriet is een van die beste gewasse waaruit biobrandstof vervaardig kan word.

Biobrandstof kan 'n rol speel in die verligting van die finansiële druk op Suid-Afrikaners.
Foto: Engin Akyurt, Unsplash

Wat boere kan verbou

Uit 'n boer se perspektief is daar baie gewasse wat vir biobrandstof geskik is, en baie daarvan word reeds op groot skaal in Suid-Afrika verbou. Een van die doeltreffendste gewasse is suikerriet, wat 'n gulde geleentheid vir boere regoor KwaZulu-Natal bied.

Boere hier soek al jare lank na alternatiewe maniere om wins te maak en die invoer van suiker uit Brasilië en ander lande teen te werk. Biobrandstof kan moontlik die oplossing wees om suikerriet weer koning te maak.

Daar is egter ook ander boerderye wat regstreeks saam met die biobrandstofbedryf in Suid-Afrika kan groei. Boere wat met sojabone, kanola, sonneblom en kamelina boer, kan ook daarby baatvind. Omdat die sade gebruik word om olie te vervaardig, kan dit maklik as grondstof vir biobrandstof dien.

Boere in Mpumalanga is reeds besig met sojaboonverbouing en kanola en kamelina word op groot plase in die Wes-Kaap verbou, en in die Vrystaat is daar talle sonneblomplase. Die waarde van dié sade kan verhoog word deur die ontwikkeling van Suid-Afrika se eie biobrandstofbedryf.

Hoe die vervaardiging van biobrandstof kan begin

Voordat verskaffers van gebruikte kookolie en oorblywende oliesade, asook suikerrietboere hul hoop op biobrandstof kan vestig, moet daar eers 'n bedryf wees wat hierdie grondstowwe benut. Nanda Kishore Chanda, senior uitvoerende bestuurder vir Novonesis se Suid-Afrikaanse bedrywighede, verduidelik: "Suid-Afrika beskik oor aansienlike landboupotensiaal en het die geleentheid om te ondersoek hoe biologie kan help om meer waarde te skep uit die hulpbronne wat reeds in die land beskikbaar is."

Novonesis is 'n wêreldwye biotegnologiemaatskappy wat in biologiese oplossings spesialiseer. Die maatskappy gebruik nie konvensionele raffinering om biobrandstof te vervaardig nie, maar wel ensieme, funksionele proteïene en mikrobiese kulture.

Dit is danksy hierdie tegnologie dat biobrandstof uit soveel verskillende bronne vervaardig kan word. Dit verklaar ook waarom dié soort biobrandstof minder skadelik is om te vervaardig en te verbrand.

"Die geleentheid lê nie bloot daarin om biobrandstof te vervaardig nie, maar om 'n meer veerkragtige stelsel te bou wat boere, die bedryf, energie en die breër ekonomie met mekaar verbind," sê Chanda.

Vir biobrandstof om in Suid-Afrika suksesvol te wees, is meer as net vervaardigingsfasiliteite nodig.



Baie boere in Suid-Afrika fokus reeds op gewasse wat geskik is vir biobrandstof.

Sonneblomme en ander oliesade kan gebruik word om biobrandstof te ontwikkel.

Regeringsbeleid is nodig vir verdere groei

Een van die belangrikste vereistes vir die groei van biobrandstof in Suid-Afrika is regeringsondersteuning. Doelgerigte regeringsbeleid, tesame met infrastruktuur en beleggings, is nodig om die bedryf te ontwikkel.

Regeringsondersteuning vir biobrandstof dui op groeipotensiaal in die bedryf en maak dit makliker om grondstowwe vir verwerking te bekom. Private maatskappye soos Novonesis kan dan ook meer beleggings in die land maak om die nodige verwerkingskapasiteit te ontwikkel.
Dit is van kardinale belang dat, indien vervaardiging groot genoeg word, bio-brandstof kan verander van ’n manier om binnelandse brandstofdruk te verlig na ’n winsgewende uitvoerproduk. Dit bied ’n tweeledige oplossing: dit kan petrol- en dieselpryse in die land verlaag en terselfdertyd buitelandse beleggings lok om Suid-Afrika se plase en infrastruktuur te ontwikkel.

Chanda sluit af: “Vir Novonesis lê die rol van biologiese oplossings in Suid-Afrika se energie-oorgang daarin om meer plaaslike opsies kommersieel haalbaar te maak. Deur biologie by landbou, afval en energie te betrek, kan Suid-Afrika voedsel- en energiesekerheid versterk, plaaslike produksie ondersteun en ekonomiese geleenthede skep.”

Soja is ook uiters geskik vir die vervaardiging van biobrandstof.

LAVENTEL

as alternatiewe gewas : Meer as net'n mooi pers land

deur Loren Howard

'n Land vol pers laventelblomme is beslis iets wat die oog vang, maar agter dié mooi prentjie skuil 'n gewas met heelwat meer kommersiële moontlikhede as wat 'n mens aanvanklik sou dink.

Laventel kan vir vars en gedroogde blomme verbou word, maar dit kan ook verwerk word tot essensiële olie en gebruik word in kosmetiese produkte, persoonlike versorgingsprodukte en selfs sekere kulinêre produkte. Voeg landboutoerisme daarby, en dieselfde land laventel kan verskeie moontlike inkomstestrome bied.

Dit is boonop 'n meerjarige gewas wat, wanneer dit eers goed gevestig is, redelik droogtebestand is en relatief min probleme met peste en siektes het. Maar voordat 'n boer 'n land vol pers plantjies aanplant, moet hy of sy besef dat nie alles wat ons sommer "laventel" noem, is dieselfde nie.

Laventel of lavandin?

Die naam laventel is *lavare*, wat "om te was" of "om te bad" beteken. Vandag word die algemene naam egter vir totaal verskillende Lavandula-spesies gebruik, wat baie maklik verwarring tussen ware laventel en lavandin kan veroorsaak.

Van die bekendste soorte is *Lavandula angustifolia*, oftewel ware of Engelse laventel, en *Lavandula dentata*, wat dikwels Franse laventel genoem word.

Dan is daar lavandin, 'n baster tussen *L. angustifolia* en *L. latifolia*. Lavandinplante is groter en produseer meer plantmateriaal, blomme en essensiële olie per hektaar. Die olie het 'n soet maar ietwat meer kamferagtige geur en word onder meer in skoonmaakprodukte gebruik.

Ware laventel lewer minder olie, maar hierdie olie word as 'n hoërgehalteproduk beskou en kan daarom hoër pryse behaal. Dit bevat minder kamferverbindings en word veral vir premium aromaterapie-, kosmetiese en soortgelyke produkte gebruik.

> Die vraag is dus nie bloot "watter laventel moet ek plant?" nie, maar eerder "wat wil ek uiteindelik verkoop?"

Hierdie onderskeid is belangrik vir enige boer wat laventel kommersieel oorweeg.

Een gewas, verskillende markte

Dit is juis laventel se veelsydigheid wat dit as alternatiewe gewas interessant maak. 'n Boer kan onder meer na die volgende markte kyk:

- essensiële olie;
- vars blommeruikers;
- gedroogde blomme en stingels;
- kosmetiese en persoonlike versorgingsprodukte;
- kulinêre laventel; en
- landboutoerisme.

Vir kleiner boeredery-ondernemings kan waardetoevoeging veral belangrik wees. In plaas daarvan om slegs 'n primêre landbouproduk te verkoop, kan laventel verder verwerk of verpak word.

Dieselfde oes kan dus deel vorm van ’n veel groter onderneming waarin landbou, verwerking, direkte verkope en selfs toerisme saamwerk.

Die boer moet egter sy mark reeds in gedagte hê voordat die eerste plant in die grond gaan, aangesien die eindgebruik ’n groot invloed op kultivarkeuse het.

Kies die regte laventelvariëteit vir die werk

Daar is talle laventelkultivars beskikbaar en die beste keuse sal afhang van die produksiegebied, klimaat, verlangde eindproduk en teikenmark.

Plaaslike aanpasbaarheid bly egter belangrik. ’n Kultivar wat uitstekend in een produksiegebied vaar, sal nie noodwendig dieselfde resultate elders lewer nie. Klimaat, siekteweerstand, geur, groeigrootte en eindgebruik moet alles in ag geneem word, en boere kan daarby baatvind om verskillende kultivars op kleiner skaal te toets voordat groot aanplantings gevestig word.



Ware of Engelse lavantels produseer gewoonlik kleiner blomme en minder olie as lavandins, maar hul olie is van ’n beter gehalte en kan ’n premie behaal.

Bekende ware laventelkultivars sluit Hidcote, Munstead, Jean Davis en Vera in. Lavandin-variëteite produseer weer meer blomme en olie per hektaar. Kultivars sluit Abriali, Dutch Mill, Grappenhall, Grosso, Provence, Seal en Super in.

Lavandula × *intermedia* ‘Grosso’ word wyd vir essensiële olieproduksie gebruik. Die plant lewer baie olie, het ’n sterk geur en is gehard en droogtebestand. Nog ’n interessante opsie vir Suid-Afrikaanse toestande is Margaret Roberts, ’n lavandin wat vir verskillende doeleindes aangewend kan word, waaronder olie, gedroogde blomme en landboutoerisme. Volgens die beskikbare inligting hanteer dit ryp, droogte en hoë UV-vlakke goed en kan dit ook in matige klimaatstoestande vir lang tydperke blom.

Vir premium olie of kulinêre gebruik kan *L. angustifolia*-kultivars soos Hidcote en Munstead oorweeg word, terwyl Spaanse lavantel (*Lavandula stoechas*) meer geskik is vir vars blomme, sierdoeleindes en landboutoerisme as vir grootskaalse olieproduksie.

Waar groei lavantel graag?

Lavantel verkies toestande wat met ’n Mediterreense klimaat ooreenstem: baie son, relatief lae humiditeit en grond waarin water vinnig kan dreineer. Die plante benodig ongeveer ses tot agt uur direkte sonlig per dag en verkies sanderige of leemgrond met ’n pH van ongeveer 6,5 tot 7,5.

Swaar kleigrond is minder geskik omdat dit water rondom die wortels kan vasvang. Dit verhoog die risiko van wortelvrot, een van die grootste probleme waarteen ’n laventelboer moet waak.

’n Grondontleding voordat die land gevestig word, is daarom belangrik. Dit gee ’n aanduiding van die grond se voedingstatus en of aanpassings nodig is. Kompos of goed ontbinde mis kan gebruik word om grondstruktuur en vrugbaarheid te verbeter waar nodig.

Lavantel is nie noodwendig ’n gewas wat beter vaar met die toediening van meer kunsmis nie. Die plante benodig relatief min bemesting en dus kan oorbemesting nadelig wees.

In Suid-Afrika bied gebiede in onder meer die Wes-Kaap, die voetheuwels van die Drakensberge en sekere hoërliggende dele van Limpopo en Mpumalanga geskikte toestande. Kultivarkeuse moet egter by die spesifieke mikroklimaat aangepas word.

In die Wes-Kaap se Mediterreense toestande kan lavandin-variëteite soos Grosso en Abrialis goed pas, terwyl kouer gebiede meer geskik kan wees vir sommige Engelse lavantels.

Van ’n steggie tot ’n wonderlike kommersiële land

Lavantel kan uit saad of steggies vermeerder word. Vir kommersiële produksie is plante wat uit steggies gekweek word dikwels verkies omdat dit tot groter eenvormigheid in die land kan lei. Planttyd kan volgens die plaaslike klimaat aangepas word.

Herfsaanplantings kan van laat Maart tot vroeg April gedoen word sodat die plante kans kan kry om hulle voor die winter te vestig. In kouer gebiede kan lente-aanplantings vanaf laat Augustus tot vroeg September, nadat die gevaar van ernstige ryp verby is, ’n beter opsie wees.

Plantspasiëring is in die algemeen ongeveer 50 cm, met 100 tot 120 cm tussen rye. Dit laat ruimte vir plantontwikkeling en toegang tot die land, kan ’n plantestand van ongeveer 16 000 tot 20 000 per hektaar lewer. Onkruidbeheer is veral tydens vestiging belangrik.

Gereelde snoei help daarna om die plante se vorm te behou en nuwe blomgroei aan te moedig. Een van laventel se voordele is dat die sterk aromatiese verbindings van die plant uiteenlopende insekte doeltreffend afweer.

Dit beteken egter nie dat ’n boer plaag- en siektebestuur net kan ignoreer nie. Plaaslike monitering en ’n geskikte gewasbeskermingsprogram bly belangrik. Veral swak dreinering en gevolglike wortelvrot moet ten alle koste voorkom word.

Die oes hang af van wat jy wil verkoop

Net soos kultivarkeuse word die tydstip en metode van oes deur die eindproduk bepaal. Op kleiner aanplantings kan laventel met die hand geoes word, terwyl meganiese oes meer prakties raak namate die produksie-eenheid groter word. Vir gedroogde blomproduksie kan sny begin wanneer genoeg blomme beskikbaar is om ’n bemarkbare oes te lewer.

Vir essensiële olie is tydsberekening belangriker. Die beste olie word verkry wanneer die blomgedeeltes geoes en gedistilleer word net voordat hulle heeltemal oopgaan, wanneer die aromatiese olie in die plant sterk gekonsentreer is. ’n Klein oes kan reeds gedurende die eerste somer moontlik wees, maar kommersiële produksie neem langer om op dreef te kom. Volle produksie word gewoonlik vanaf die tweede tot derde jaar verwag. Afhangend van groei en plaaslike toestande kan gevestigde plante meer as een keer per jaar geoes word.

Ware laventel teenoor lavandin: Opbrengs maak ’n verskil

Wanneer essensiële olie die teikenmark is, word die verskil tussen ware laventel en lavandin besonder duidelik. Die beskikbare Suid-Afrikaanse produksiesyfers dui op ’n olie-opbrengs van ongeveer 15 tot 45 kg/ha vir ware laventel met verbeterde kultivars. Lavandin kan aansienlik meer lewer, met opbrengste van ongeveer 60 tot 280 kg/ha wat aangedui word. Vir gedroogde blomme word opbrengste van ongeveer 800 tot 1 500 kg stingels per hektaar genoem. Die hoogste opbrengs beteken egter nie outomaties die meeste wins nie. Ware laventel lewer minder olie, maar vanweë die hoër gehalte van die plant kan ’n beter eenheidsprys behaal word.

Lavandin lewer meer olie, maar dit word gewoonlik teen ’n laer prys bemark. Dit bring die boer weer terug by dié belangrike vraag: Wie gaan die produk koop?

Van pragtige pers blomme tot essensiële olie

Vir ’n boer wat essensiële olie wil bemark, eindig die werk nie wanneer die blom afgesny word nie. Die geoesde materiaal moet eers gedistilleer word en dan moet die olie korrek hanteer en geberg word. Essensiële olie behoort in ’n droë, donker en koel omgewing geberg te word. Donker glasbottels is verkieslik omdat dit die olie teen lig beskerm.

Volgens die beskikbare riglyne kan laventelolie ongeveer 12 tot 18 maande ná botteleering geberg word voordat ouderdom die geur en doeltreffendheid toenemend begin beïnvloed.Dit beteken dat verwerking, verpakking en voorraadbestuur deel vorm van die onderneming wanneer ’n boer verder as die verkoop van vars of gedroogde plantmateriaal beweeg.

’n Gewas wat baie jare lank kan produseer

Een van die aanloklikste eienskappe van laventel as alternatiewe gewas is dat die boer nie elke seisoen sy land vooraf hoef te vesig nie. Met goeie bestuur kan plante sowat 10 tot 15 jaar produktief bly. Dit versprei die aanvanklike vestigingskoste oor ’n langer produksietydperk. Sodra die plante goed gevestig is, is hulle ook betreklik droogtebestand en het hulle relatief min plaagprobleme.

Dit beteken egter nie laventel is ’n “plant-en-vergeet”-gewas nie. Die sukses van die onderneming sal steeds bepaal word deur die regte grond, dreinering, kultivar, snoei, onkruidbeheer, oesbestuur en – miskien die belangrikste – ’n betroubare mark.

Die geld lê dalk nie net in die lekker olie nie

Essensiële olie is waarskynlik die produk wat eerste by ’n mens opkom wanneer kommersiële laventelproduksie ter sprake is, maar ’n boer hoef hom nie tot een mark te beperk nie.

Vars ruikers kan direk aan bloemiste, markte en die publiek verkoop word. Gedroogde blomme kan gebruik word in dekor, geurprodukte en handwerk. Met verdere verwerking ontstaan moontlikhede vir seep, kosmetiese produkte, persoonlike versorgingsprodukte en ander waardetoegevoegde produkte.

Sekere ware laventels kan ook vir kulinêre markte geproduseer word. Dan is daar ’n produk wat glad nie van die land afgehaal hoef te word nie: die ervaring van die laventelland self.

’n Volblom laventelland bied moontlikhede vir fotografie, plaasbesoeke, funksies en ander vorme van landbou-toerisme. Vir ’n kleiner boerderyonderneming naby ’n groot dorp, stad of toeristeroete kan hierdie deel van die besigheid moontlik net so belangrik as die oes word. Dit is juis hier waar laventel van allerlei tradisionele gewasse verskil. Dieselfde plant kan ’n landbouprodukt, ’n verwerkte produk én ’n ervaring bied.

Mooi gaan egter nie die rekeninge betaal nie

Laventel se droogteverdraagsaamheid, lang, produktiewe leeftyd en verskillende moontlike eindprodukte maak dit ook ’n interessante alternatiewe gewas vir Suid-Afrikaanse boere.

Maar die pers land wat op ’n foto so eenvoudig lyk, is steeds geskik vir ’n kommersiële boerdery-onderneming.

’n Voornemende lanventelboer moet eers vasstel watter mark hy wil bedien, en daarna die kultivar, produksieskaal, oesmetode en moontlike verwerking daarvolgens kies. Die boer wat olie in grootmaat wil lewer, het ander vereistes as iemand wat premium gedroogde blomme of kulinêre laventel wil verkoop. ’n Land wat hoofsaaklik vir toerisme gevestig word, kan weer totaal ander prioriteite hê. Dit is dalk waar laventel se grootste geleentheid as alternatiewe gewas lê: ’n boer hoef nie noodwendig net meer te produseer nie – hy kan meer uit dieselfde plant kry en verkoop.

Van pragtige vars blomme op die land tot gedroogde ruikers, botteltjies olie of velebesoekers wat tussen rye pers blomme kom stap, bied laventel baie uiteenlopendemaniere om waarde uit dieselfde hektaar te ontsluit.

Bronne

Lavender Farming in South Africa | Mzansi Farming Hub
https://mzansifarm.co.za/lavender-farming/
Comprehensive Lavender Oil Production Guide 2026 | Lavender SA
https://lavendersa.co.za/comprehensive-lavender-oil-production-guide-2026/
Lavender Crop Management – Herb Growing in South Africa | SouthAfrica.co.za
https://southafrica.co.za/lavender-crop-management.html
How to Grow Lavender in South Africa: A Step-by-Step Guide | Plantinfo
https://plantinfo.co.za/articles/herbs-and-medicinal-gardening/how-to-grow-lavender/

AgroFors:

Jou vennoot in gehaltesaad en volhoubare voeroplossings

deur Benine Ackermann

Elke hektaar moet 'n doel hê

Hoë insetkoste, wisselvallige klimaatstoestande en groter druk op winsgewendheid maak 'n doelgerigte gewas- en kultivarkeuse belangriker as ooit. AgroFors fokus daarop om boere te help om saadkeuses te maak wat by hul voervloei, boerderystelsel en langertermyndoelwitte pas.

'n Hektaar kan vandag nie bloot geplant word omdat daar voldoende grond beskikbaar is nie. Dit moet 'n bepaalde rol binne die boerdery vervul.

Vir 'n melkboer kan dit beteken dat voldoende goeie gehalte weiding beskikbaar moet wees. 'n Vleisboer kan weer 'n voergaping oorbrug, of ekstra voer benodig vir kritieke produksiefases.

In 'n wisselboustelsel kan 'n gewas of mengsel ook 'n tweede funksie vervul deur grondbedekking te verbeter, worteldiversiteit in te bring en 'n volgende kontant- of voergewasseisoen te ondersteun.

Die vraag is dus wat daardie aanplanting moet bereik.

Die regte gewas vir die regte behoefte

AgroFors spesialiseer in saad vir aangeplante weidings en voergewasse, met 'n uitgebreide reeks vir somer- en winterboerderystelsels.

Van lusern en grasse tot wintervoergrane, voersorghum, basterbabala en verskillende gewasse vir mengsels en dekgewasse.

Daar is immers nie een gewas of kultivar wat op elke plaas dieselfde rol kan vervul nie.

'n Gewas wat vinnig vestig en vroeg voer beskikbaar stel, kan waardevol wees wanneer 'n onmiddellike voergaping gevul moet word. 'n Ander opsie kan beter geskik wees waar langer produksie of herhaalde beweiding benodig word. Waar hooi of kuilvoer die einddoel is, verskuif die klem weer na ander eienskappe.

Dieselfde geld binne aangeplante weidings. 'n Intensiewe melkboerderystelsel onder besproeiing stel ander vereistes as 'n droëland-vleisboerderystelsel. Klimaat, grondtipe, plantdatum, beskikbare grondvog, benuttingsmetode en die tyd van die jaar waarin die voer benodig word, behoort alles deel van die besluit te vorm.

Daarom is die kultivar met die hoogste totale opbrengs op papier nie noodwendig die beste keuse vir elke stelsel nie maar eerder of dit die regte hoeveelheid bruikbare voer op die tyd wanneer dit benodig word lewer?

Meer as een antwoord op dieselfde vraag

AgroFors werk met plaaslike én internasionale telers en saadmaatskappye om toegang tot 'n breë basis van kultivars en produk-opsies te verkry.

Dit gee die onderneming die ruimte om verbeterde kultivars met spesifieke eienskappe aan te bied, maar ook mededingende kommoditeitsaad waar dit die meer toepaslike opsie vir die boer se behoefte en begroting is.

Tegniese kennis en plaaslike ervaring is wat die verskil maak op 'n boer se plaas.

Baie van die nuwe genetika wat in Suid-Afrika beskikbaar raak, kom uit internasionale teelprogramme. 'n Kultivar se prestasie in sy land van oorsprong vertel egter nie noodwendig die volle verhaal van hoe dit onder Suid-Afrikaanse toestande gaan reageer nie.

AgroFors ondersoek daarom nuwe produkte en kultivars en evalueer dit plaaslik. Eienskappe soos vestiging, droëmateriaalproduksie, seisoenale produksie, blomgedrag, hergroei en standhoudendheid help om 'n beter beeld te vorm van waar 'n kultivar werklik prakties kan inpas.

Die doel is nie om bloot nuwe genetika in die mark te plaas nie, maar om beter te verstaan waar dit waarde kan toevoeg.

Voerproduksie én die groter stelsel

Goeie voerproduksie bly 'n kernvereiste in melk- en vleisproduksie, maar toenemend word daar ook gekyk na die rol wat aangeplante gewasse binne die groter boerderystelsel kan speel.

Mengsels, peulgewasse, grasse en ander dekgewasopsies kan ongetwyfeld 'n rol speel in grondbedekking, gewasdiversiteit en uiters goeie wortelontwikkeling.

Dit beteken egter nie dat enige mengsel outomaties grondgesondheid gaan verbeter nie.

Net soos met voerproduksie moet die doel vooraf duidelik wees. Is die prioriteit voer? Grondbedekking? 'n Breek in die bestaande wisselbou? Meer diversiteit? Of 'n kombinasie van hierdie doelwitte?

Die samestelling en bestuur behoort daarvolgens bepaal te word.

Gehalte bly die grondslag

AgroFors is in Oudtshoorn gevestig en vorm deel van die Klein Karoo Saad Groep. Die onderneming steun op dekades se ervaring binne die groep in saadproduksie, verwerking, gehaltebeheer en die bemarking van voer- en weidingsaad.

Hierdie verbintenis bied toegang tot professionele saadverwerkingsfasiliteite, tegniese kundigheid en 'n ISTA-geakkrediteerde saadlaboratorium.

Uiteindelik gaan 'n goeie saadkeuse daarom oor meer as 'n naam op 'n sak.

Dit gaan oor die boer se omgewing, die rol van die gewas in die boerderystelsel, en wanneer die produksie benodig word.

AgroFors se uitgangspunt is eenvoudig: Begin by wat die hektaar moet bereik en kies daarvandaan die regte gewas en kultivar.

agrofors@kleinkaroo.com

of besoek www.agrofors.co.za vir meer inligting.

ROOIBOS

MAAK REEDS JARE LANK WÊRELDWYD OPGANG

deur Victor Moolman

Eeue gelede het die inheemse mense van die Cederbergstreek, sowat 250 kilometer noord van Kaapstad, die blare en takkies van ’n plaaslike struik gepluk. Hulle het dit soms dae lank in warm water getrek, en dit dan as ’n warm drankie geniet.

Dit is onbekend of die mens destyds bewus was van die drankie se gesondheidseienskappe, maar vandag is dit ’n volslae feit dat hierdie struikie uiters gesond is. Dit is een van die seldsame plante van sy soort wat nie kafeïen as ’n natuurlike afweermiddel gebruik nie, en dit staan algemeen bekend as rooibostee, een van Suid-Afrika se gewildste uitvoerprodukte.

Die plant, wat aan die fynbosfamilie behoort, groei amper uitsluitlik in die klipperige grond van die Cederberg en kan tot drie keer geoes word voordat dit weer aangeplant moet word. In hierdie artikel kyk ons egter uit ’n ander perspektief na die rooibosplant en hoe hy op vele maniere aangewend kan word.

Van ’n klein oes tot wêreldwye sukses: ’n Rooibosavontuur

Voordat ons kyk na hoe en waar rooibos gebruik word, moet ons eers praat oor hoe elke sakkie rooibos begin. Sedert die laat 1800’s, toe Suid-Afrikaners rooibos as ’n kruietee begin gebruik het, tot vandag, waar duisende tonne uitgevoer word, groei die plant feitlik uitsluitlik in die Cederbergstreek.

Daar is verskillende plase wat bestuur word deur boere wie se families hul geskiedenis kan terugvoer na die dae van hierdie wilde plantjies. In die beginjare is rooibosfynbos nie soos vandag voortgeplant nie; dit het eers begin verander namate rooibos gedurende die middel van die 1900’s gewilder geraak het.

Eers met moderner tegnologie het dit moontlik geword om plantlyne voort te plant wat in die vraag na groter oeste kon voorsien. Toe die plant nog volop in die natuur gegroei het, is alles met die hand, met ’n sekel en ’n sak, geoes. Vandag verbou boere die plante in rye, soos enige ander gewas.

Dit neem sowat ’n jaar en ’n half vir ’n plant om volgroeid te raak, waarna dit net soos in die verlede, met die hand geoes word. Spanne stap die landerye binne en sny die takke sowat 50 cm bo die grond af, bondel dit in lappe en laai dit dan op vragmotors of sleepwaens.

Die takke word dan fyngekap en uitgesprei om droog te word. Wat rooibostee weereens so besonders maak, is dat dit ná 12 ure droog is. Daarna word dit met stoom gepasteuriseer, verpak en regoor die wêreld vervoer. Adele du Toit, woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Rooibosraad, verduidelik dat 2025 ’n rekordjaar was: “2015 was voorheen ’n rekordjaar, maar 2025 was nog beter, met altesaam byna 11 000 ton wat uitgevoer is!”

Waarheen gaan al dié tee?

In die verlede was rooibostee hoofsaaklik iets eg Suid-Afrikaans, deel van ons unieke karakter wat 'n mens eenvoudig nie aan buitelanders kon verduidelik nie. Sit saans saam met 'n boer op sy voor-stoep met 'n koppie tee in die een hand en beskuit in die ander, en niks was verkeerd met die wêreld nie.

Vandag lyk dinge egter anders. Rooibostee word nie meer net in Suid-Afrika aangetref nie, en daar is ook nie meer net een handelsmerk wat met die teesakkies verbind word nie. Die drankie het vinnig veld gewen in gesondheidsbewuste lande soos Japan, waar die strewe om jonk te bly besonder belangrik is.

Dit het dus 'n reuse-impak in Japan gehad toe rooibos se kategorie van 'n gesondheidsproduk na 'n alledaagse drankie verander het. "Dit het veroorsaak dat baie mense begin eksperimenteer het om te kyk wat hulle met rooibos kan doen," sê Adele.

Sodoende het rooibos in meer as net 'n tee ontwikkel. As 'n mens Japan vandag besoek, kan jy selfs ramen, 'n noedelsop met 'n geurige aftreksel en verskeie bestanddele, kry wat met rooibos gemaak word.

Maar dit is nie net Japan wat rooibos ontdek het nie. In Engeland is rooibostee reeds sedert die 1970's gewild, en daar word nou ook op nuwe maniere met hierdie eg Suid-Afrikaanse drankie geëksperimenteer, iets soos rooibos sorbet wat 'n gevriesde gereg is, word gemaak met 'n rooibos aftreksel en suiker wat gevries word om 'n nagereg te maak wat soortgelyk aan roomys, net sonder die melk.

Elders in Europa, soos Duitsland, Frankryk, en Nederland word rooibos ook al hoe bekender as gevolg van die belang-rike rol wat tee in die lande al vir eeue speel. Hierdie bekendheid kan daaraan toegeskryf word dat produkte soos roomys en kombucha ook deur teehandelaars soos Tick Tock bekend gestel is.

Volgende maand gesels ons oor die impak van rooibostee in Suid-Afrika, hoe boere hul landerye steeds uitbrei en die besondere invloed van rooibos in Japan. Ons deel ook ander resepte wat jy dalk sal wil probeer om in die warm maande iets anders as tee te geniet en sodat jy 'n bietjie af kan koel op 'n snikhete dag .

Rooibos word met die hand geoes met 'n sekel en sowat 50 cm vanaf die grond.
(Bron: Suid-Afrikaanse Rooibosraad)

Dit neem ongeveer 12 ure vir rooibos om uit te droog in die Afrika-son en dan kan jy 'n lekker koppie tee daarmee maak.
(Bron: Suid-Afrikaanse Rooibosraad)

Probeer dié rooibosresep

Tradisionele Suid-Afrikaanse boeretee

Teen die vroeë 1900's was rooibostee reeds onder boere en inwoners van die Kaap bekend. Die manier waarop dit berei is, het egter heeltemal verskil van vandag se metode. Daar was geen teesakkies of vinnige manier om dit te maak nie. Let wel: om die resep te volg, het jy meer as net 'n sakkie rooibostee nodig.

Bestanddele:

- 4 eetlepels los rooibostee
- 2 liter water
- Opsioneel: 1 kaneelstokkie, 'n paar naeltjies of 'n paar skyfies vars suurlemoen

Aanwysings:

1. Bring tot kookpunt: Gooi die water in 'n groot kastrol of teepot en voeg die los rooibostee en opsionele speserye by. Bring dit tot kookpunt.
2. Laat prut: Sodra dit kook, draai die hitte na die laagste verstelling sodat die tee net liggies prut.
3. Bedien wanneer nodig: Jy kan die tee heeldag oor 'n lae hitte laat staan. Anders as swart tee word rooibos nie bitter nie, omdat dit baie min tanniene bevat; en hoe langer dit prut, hoe ryker en dieper word die smaak.
4. Bediening: Skep die tee in 'n koppie en voeg melk, heuning of suiker na smaak by.



Die rooibosplant groei net in die Cederberg-area, sowat 250 km noord van Kaapstad. (Bron: Suid-Afrikaanse Rooibosraad)

Daar is al talle resepte met rooibos as bestanddeel, onder meer verskillende soorte tee tot roomys en ramen.
(Bron: Suid-Afrikaanse Rooibosraad)

Cheetah Conservation Botswana

baan die weg vir vreedsame bestaan tussen veeboere en uiters bedreigde jagluiperds : DEEL 2

“Roofdiere is onlosmaaklik deel van die ekosisteem.”

deur Martie Bester

Vir Cheetah Conservation Botswana (CCB) begin die beskerming van die jagluiperd nie binne ’n omheinde reservaat nie, maar op die plase waar mense en roofdiere dieselfde landskap deel.

Botswana is bevoorreg met uitgestrekte, oop landskappe wat grootliks onomhein is. Dit is presies wat jagluiperds – ’n spesie wat oor enorme gebiede beweeg – nodig het om op sowel individuele as bevolkingsvlak te oorleef.

“Jagluipers het ’n buitengewoon lae genetiese diversiteit, en daarom is dit van kardinale belang dat bevolkings oor landskappe heen met mekaar verbind bly,” sê Jane Horgan, ’n navorser, toesighouer van Farming for Conservation (FFC) en PhD-kandidaat by CCB. “Dit is noodsaaklik om die spesie se voortbestaan nie net op nasionale nie, maar ook op streekskaal te verseker.”

Omdat jagluiperds gewoonlik beter in gebiede aard waar leeus en gevlekte hiënas nie voorkom nie, kom hulle nie in groot getalle in beskermde gebiede voor nie. Dít is waarom landbougrond so belangrik vir jagluiperdbewaring is, sê Jane. “Die gebiede tussen beskermde gebiede moet ruimte bied waar jagluiperds en ander wild kan beweeg en leef, sodat die verbinding tussen verskillende wildbevolkings behoue kan bly.”

Suksesvolle naasbestaan beteken dat spesies wat oor groot gebiede beweeg, soos jagluiperds en wildehonde, deur landbougebiede kan beweeg sonder dat boere vee verloor. Volgens Jane kan dit bereik word deur vee op plase doeltreffend te beskerm én vrylopende prooispesies soos koedoes, steenbokke, duikers en ander wild te bewaar. Waar daar volop natuurlike prooi is en vee goed beskerm word, sal jagluipers eerder wilde prooi as vee jag.

CCB besorg oor die effek van klimaatsverandering op konflik tussen mens en dier

“Konflik met roofdiere in Botswana neem altyd gedurende die droë seisoen toe. Dit is as gevolg van ’n kombinasie van faktore, veral die afname in wild as prooi, asook vee wat weens ’n swakker kondisie verder moet rondtrek om genoeg weiding te vind en sodoende meer blootgestel is aan roofdiere,” vertel Jane.

Daarom is kwessies soos klimaatsverandering en El Niño ’n groot bron van kommer vir CCB. Die uitbreking van bek-en-klouseer (BKS) in Botswana het sake verder bemoeilik vanjaar. Met ’n moontlike droogte wat dreig en geen geleentheid om oortollige beeste te bemark nie, sal boere ’n te hoë veebesetting hê wanneer die droogte toeslaan. Dit sal oorbeweiding vererger wat waarskynlik konflik met roofdiere tot gevolg sal hê.

“In die verlede het ons beginsels van veldbestuur en klimaatslimboerdery by ons gesprekke met boere ingesluit. Die doel was om praktiese kennis te deel oor hoe goeie weiveldbestuur kan help om konflik tussen die mens en wild te beperk,” sê Jane.

“Onlangs het ons egter toenemend saam met boere begin werk om hulle te help om die uitdagings van uiterste klimaatstoestande die hoof te bied. Ons leer hulle byvoorbeeld hoe om goedkoop, doeltreffende aanvullingsvoer vir hul vee te maak om moeilike droë seisoene te oorbrug. Só kan die kondisie van die kudde op ’n hoë vlak gehou word en is vee tydens droogtes minder kwesbaar.”

Dit is belangrik om te onthou dat roofdiere onlosmaaklik deel van die ekosisteem is – ’n ekosisteem wat wild, klimaat, vee én mense insluit. “Wanneer bestuursmaatreëls op plase ontwikkel word om die gevolge van klimaatskokke te hanteer, is dit dus belangrik om ook roofdiere in ag te neem. Só kan die risiko van veeverliese beperk word,” sê Jane.

Verkeerde opvattings oor jagluiperds bedreig bewaring

Meeste jagluiperds maak nie vee dood nie

Wanpersepsies oor jagluiperds is veral ’n groot struikelblok in bewaringspogings. “Ek wens boere wil besef dat jagluiperds nie naastenby so ’n groot bedreiging is as wat baie mense dink nie. Ons data uit Botswana het getoon dat vee slegs sowat 6% van die gemiddelde jagluiperd se dieet uitmaak en dis heelwat minder as wat die meeste boere sou verwag,” sê Jane. Die werklikheid is dat die meeste jagluiperds nie vee doodmaak nie, omdat hulle nie snags aktief is nie. Daarom is dit nie net sinneloos om jagluiperds onoordeelkundig dood te maak nie, dit kan die konflik tussen mense en wild eerder vererger.

“Wanneer ’n territoriale jagluiperd wat nie vee vang nie doodgemaak word, kan sy gebied beskikbaar word vir jagluiperds wat om een of ander rede voortdurend aan die beweeg is. In plaas van een jagluiperd wat hom goed gedra, kan jy dus skielik ’n paar onbekende, rondtrekkende jagluiperds op jou plaas hê,” sê Jane, “en dié rondtrekkende jagluiperds is juis meer geneig om vee te vang.”

Jagluiperds beweeg oor reusegebiede en kan tot 35 km per dag aflê. As ’n boer ewe skielik vee begin verloor, is dit waarskynlik nie ’n territoriale jagluiperd maar eerder “rondloperjagluiperds”. Wanneer ’n boer dan twee dae later ’n jagluiperd skiet, kan die ware sondebok dan reeds 70 km verder wees.

Boere besef nie die erns van afname in jagluiperdgetalle nie

Boere dink dikwels daar is volop jagluiperds omdat hulle hul gereeld op hul plase sien. Wat die boere dalk nie besef nie, is dat jagluiperds, hoewel hulle in sekere gebiede nog in redelike groot getalle voorkom, wêreldwyd besig is om te verdwyn.

“Dus is dit nou belangriker as ooit om die aantal jagluiperds wat weens konflik en vergelding doodgemaak word, te probeer verminder, want hulle tyd is vinnig besig om al minder te raak.

“Daarom is ons werk met boere en ons opvoedingsinisiatiewe wat hulle leer van vreedsame naasbestaan, uiters belangrik. Nou meer as ooit tevore,” sê Jane.

Vir meer inligting en/of navrae, stuur ’n e-pos aan info@cheetahconservationbotswana.org of kontak Connie Modise, Farming for Conservation-koördineerder, by cmodise@cheetahconservationbotswana.org. Volg CCB ook op Facebook en Instagram.

Hierdie is die tweede deel van ’n reeks van drie artikels oor die noodsaaklike werk wat Cheetah Conservation Botswana doen.

DIE STORIE AGTER DIE RAS

VAN ANGUS TOT BRANGUS

deur Loren Howard

Van die koue, windverwaaide weivelde van Skotland tot die warm, uitdagende produksietoestande van Afrika en die suide van Amerika, het Angus-genetika 'n merkwaardige pad gestap. Wat begin het met geharde, swart poenskopbeeste in die noord-ooste van Skotland, sou nie net een van die bekendste vleisbeesrasse ter wêreld oplewer nie, maar sou ook help 'n nuwe ras te vorm: die Brangus.

Dit is 'n verhaal van teling, aanpassing en die voortdurende soeke na 'n dier wat nie net goeie vleis produseer nie, maar ook onder uiteenlopende omstandighede kan presteer.

WAAR DIE ANGUS-VERHAAL BEGIN

Die Angus, internasionaal ook bekend as die Aberdeen Angus, het sy oorsprong in die graafskappe Angus en Aberdeenshire in die noordooste van Skotland. Hier was swart, natuurlik poenskopbeeste reeds vir geslagte deel van die plaaslike landskap.

Hierdie beeste was plaaslik bekend as "doddies" en "hummlies", maar dit was gedurende die vroeë 19de eeu dat doelgerigte seleksie die grondslag begin lê het vir die Angus soos ons hom vandag ken.

Een van die name wat onlosmaaklik aan dié geskiedenis verbind is, is Hugh Watson, wat as een van die grondleggers van die ras beskou word.

Watson se gunstelingbul, Old Jock, is in 1842 gebore en sou later as nommer "1" in die *Scotch Herd Book* aangeteken word. Dan was daar Old Granny, 'n koei wat in 1824 gebore is en 'n indrukwekkende 35 jaar oud geword het. In haar leeftyd het sy 'n totaal van 29 kalwers gelewer.

Dit was hierdie vroeë seleksie vir funksionele eienskappe wat gehelp het om 'n ras te vestig wat uiteindelik ver buite Skotland se grense sou versprei.

VAN SKOTLAND NA DIE WÊRELD

Die Angus het mettertyd een van die voorste internasionale vleisbeesrasse geword.

Verskeie eienskappe het tot hierdie gewildheid bygedra. Angusbeeste is natuurlik poenskop, wat beteken dat die kalwers sonder horings gebore word. Hulle is ook bekend vir goeie voeromset, vroeë volwassenheid en die vermoë om goeie vleisgehalte te lewer.

In Suid-Afrika kan Angusbeeste onder geskikte produksieomstandighede reeds teen ongeveer 12 tot 14 maande bemarkingsgereed wees.

Nog 'n eienskap wat wêreldwyd sterk met die Angus verbind word, is marmering. Die intramuskulêre vet wat deur die vleis versprei is, dra by tot sappigheid, sagtheid en geur. Dit het 'n belangrike deel van die ras se reputasie as vleisbees geword.

ROOI OF SWART?

Hoewel 'n mens maklik kan dink dat rooi en swart Angus twee verskillende rasse is, behoort hulle aan dieselfde genetiese oorsprong van Angusbeeste.

Swart is histories sterk binne die ras geselekteer, maar die genetika vir die rooi haarkleur het in die Angus-genepoel behoue gebly. Omdat die rooi kleur resessief oorgeërf word, kan twee swart diere wat albei die betrokke geen dra, steeds 'n rooi kalf produseer.

In sommige lande word rooi en swart Angus afsonderlik geregistreer, maar albei deel dieselfde Skotse oorsprong en baie van dieselfde produksie-eienskappe.

Interessant genoeg lyk die Suid-Afrikaanse Angusbevolking anders as dié van baie ander lande. Meer as 70% van die Angusbeeste wat by SA Stamboek gelys is, is volgens beskikbare rasinligting rooi, terwyl swart Angus internasionaal die grootste deel van geregistreerde Angusbeeste uitmaak.

ANGUS KOM SUID-AFRIKA TOE

Die Angus se Suid-Afrikaanse verhaal begin reeds meer as ’n eeu gelede.

Charles Newberry, ’n boer van die Vrystaat, het in 1895 die eerste 10 swart Angusbeeste na Suid-Afrika ingevoer. In 1917 is die Aberdeen-Angus Cattle Breeders’ Society of South Africa met slegs 12 lede gestig, waarna dit in 1918 by SA Stamboek geaffilieer is.

Vandag word Angusbeeste in verskeie dele van Suid-Afrika aangetref, met sterk verteenwoordiging in onder meer die Vrystaat, Wes-Kaap en KwaZulu-Natal.

Die ras se invloed strek veel verder as suiwer Angus-kuddes. Angus-genetika word ook in kruisteelstelsels gebruik om uiters belangrike kenmerke soos moeder-eienskappe, groei, vleisgehalte en markwaarde te verbeter.

En dit is juis hier waar die volgende hoofstuk van die verhaal begin.

TOE ANGUS ’N NUWE UITDAGING TEËKOM

Die Angus is gevorm in ’n koel Skotse klimaat, maar namate beesproduksie in warmer wêrelddele uitgebrei het, het boere voor ’n ander uitdaging te staan gekom.

Hoe behou jy die vleisgehalte, vrugbaarheid, vroeë volwassenheid en produksie-eienskappe waarvoor Angus bekend geword het, maar plaas dit in ’n dier wat beter toegerus is om hitte, humiditeit, parasietdruk en baie ander uitdagende omgewingstoestande te hanteer?

Die antwoord sou uiteindelik gevind word in ’n kombinasie van twee baie verskillende genetiese wêrelde: die Angus en die Brahman.

Só begin die verhaal van die Brangus.

TWEE RASSE KOM BYMEKAAR

Die vroegste ontwikkeling van die Brangus dateer uit 1912 by die USDA-proefstasie in Jeanerette, Louisiana, in Amerika. Louisiana se warm en vogtige klimaat het ’n praktiese uitdaging geskep. Britse beesrasse kon goeie vleiseienskappe bied, maar boere het ook ’n dier nodig gehad wat die moeiliker klimaat kon hanteer.

Brahmanbeeste het die gehardheid en hitteverdraagsaamheid gebied waarna telers gesoek het, terwyl Angus reeds bekend was vir sy vleisgehalte.

Die doel was dus eenvoudig, al was die genetiese taak allesbehalwe: kombineer die sterkpunte van die twee rasse.

Soortgelyke teelwerk is ook deur private telers in die suide van Amerika gedoen en teen 1949 is die International Brangus Breeders Association georganiseer.

Uiteindelik is die genetiese samestelling wat vandag met die tradisionele Brangus verbind word, vasgelê op ⅝ Angus en ⅜ Brahman.

WAT BRING ELKE OUERRAS NA DIE TAFEL?

Die sukses van die Brangus lê juis daarin dat die twee ouerrasse mekaar op belangrike gebiede aanvul.

Van die Angus kom eienskappe wat met goeie karkas- en vleisgehalte verbind word, waaronder marmering, asook vroeë volwassenheid en sterk moederseienskappe.

Die Brahman-komponent dra weer eienskappe by wat besonder waardevol in moeiliker produksie-omgewings is. Hieronder tel hitteverdraagsaamheid, gehardheid, langlewendheid en aanpasbaarheid.

Die resultaat is ’n bees wat ontwikkel is om goeie produksie en vleisgehalte met omgewingsaanpasbaarheid te kombineer.

Die Brangus is daarom meer as bloot ’n toevallige kruising tussen ’n Angus en ’n Brahman. Die ras is doelbewus ontwikkel en gestabiliseer rondom ’n bepaalde genetiese samestelling en ’n stel eienskappe.

GEBOU VIR DIE HITTE

Een van die Brangus se belangrikste eienskappe is sy vermoë om in warm omgewings produktief te bly.

Die Brahman behoort tot die *Bos indicus*-groep, wat fisiologies beter aangepas is by hoë temperature as baie *Bos taurus*-rasse. Hierdie aanpassing sluit eienskappe soos groter en meer talryke sweetkliere en ’n losser vel in.

Dit is juis waarom Brahman-genetika so waardevol geword het in die ontwikkeling van beesrasse vir warm en vogtige produksiegebiede.

Vir die Brangus beteken hierdie genetiese erfenis dat die ras ontwikkel is met hitteverdraagsaamheid as ’n belangrike deel van sy produksievermoë, sonder om die gewenste Angus-eienskappe uit die oog te verloor.

'n herkenbare dier

Die meeste Brangusbeeste is solied swart en natuurlik poenskop, hoewel rooi Brangus ook erken word.

Hulle het gewoonlik matige oorlengte, maar sonder die prominente skof wat so kenmerkend van Brahmanbeeste is. Wat bespiering betref, toon hulle weer 'n duidelike invloed van die Angus-kant van hul genetika.

Brangusbeeste word verder verbind met goeie voerdoeltreffendheid, 'n rustige temperament, moederseienskappe en reproduktiewe langlewendheid.

In kommersiële kuddes bied die kombinasie ook die voordeel van basterkrag, wat benut kan word vir eienskappe soos groei, speengewig, reproduksie en karkasprestasie.

Van Louisiana tot Suid-Afrika

Wat as 'n oplossing vir die warm, vogtige toestande in die suide van Amerika begin het, het lankal verder versprei.

Brangusbeeste word vandag onder meer in Amerika, Brasilië, Mexiko, Australië, Paraguay en Suid-Afrika aangetref.

Dit is dalk juis waarom die Angus- en Brangus se verhale so mooi by mekaar aansluit.

Die een het sy oorsprong in die koue van Skotland en is oor geslagte heen geselekteer vir eienskappe wat hom een van die wêreld se bekendste vleisbeesrasse gemaak het. Die ander is gebore toe telers daardie genetiese basis geneem en dit met die gehardheid van Brahmanbeeste gekombineer het om 'n nuwe produksie-uitdaging die hoof te bied.

Meer as 'n eeu nadat die eerste Angusbeeste Suid-Afrika bereik het, leef daardie genetiese invloed dus nie net binne Angus-kuddes voort nie, maar ook in rasse en kruisteelstelsels wat daaruit ontwikkel het.

Van Angus tot Brangus wys die storie agter hierdie rasse hoe beesteling voortdurend verander om by die behoeftes van die boer, die omgewing en die mark aan te pas, terwyl waardevolle genetika van een geslag na die volgende voortbebou word.



HET JY GEWEET?

Volstruise is groot, maar gebou vir spoed

deur Loren Howard

Hy kan nie vlieg nie, het net twee tone, sluk klippies saam met sy kos in en lê 'n eier wat omtrent soveel inhoud as 24 hoendereiers kan bevat. Hierdie is beslis nie jou gewone voël nie! Die volstruis (*Struthio camelus*) is die grootste en swaarste lewende voël ter wêreld en is perfek aangepas vir 'n lewe met sy voete stewig op Afrika-grond. Wat hy in vliegvermoë kortkom, maak hy op met spoed, krag en 'n paar besonder vreemde eienskappe.

Groot beenstruktuur, 'n selfs groter persoonlikheid

'n Volwasse volstruismannetjie kan tot ongeveer 2,7 meter hoog staan en meer as 140 kg weeg. Mannetjies is maklik herkenbaar aan hul treffende swart-en-wit vere, terwyl wyfies gewoonlik 'n meer gedempte grysbruin kleur het.

En dan is daar daardie oë! 'n Volstruis se oog kan ongeveer 5 cm in deursnee wees en is groter as sy brein. Dié enorme oë en lang nek gee die voël uitstekende sig oor die oop vlaktes en help hom om gevaar vroegtydig raak te sien.

Sy wetenskaplike naam, *Struthio camelus,* verwys interessant genoeg na die "kameelvoël". Soos 'n kameel is die volstruis goed aangepas by warm, droë gebiede en kan hy hoë temperature en die beperkte beskikbaarheid van water hanteer.

As jy nie kan vlieg nie, hardloop!

Met so 'n groot liggaam is opstyg eenvoudig nie 'n opsie nie. Gelukkig het die volstruis 'n ander indrukwekkende talent.

Hy is die vinnigste voël op land en een van die vinnigste diere op twee bene. 'n Volstruis kan tydens 'n naelloop snelhede van ongeveer 70 km/h bereik en kan vir langer afstande teen sowat 50 km/h hardloop. Met elke tree kan hy etlike meters aflê.

Selfs die kleintjies mors nie tyd nie. Teen ongeveer 'n maand oud kan 'n volstruiskuiken reeds verbasend vinnig hardloop.

Net twee tone?

Kyk volgende keer mooi na 'n volstruis se voet. Anders as die meeste voëls, wat drie of vier tone het, het 'n volstruis slegs twee tone aan elke voet. Die groter binnetoon dra 'n sterk nael en die unieke voetstruktuur help die voël om doeltreffend teen 'n hoë spoed te hardloop. Daardie bene is egter nie net vir weghardloop bedoel nie. Wanneer 'n volstruis vasgekeer of bedreig word, kan hy 'n uiters kragtige vorentoe skop lewer. Saam met die sterk nael maak dit sy bene 'n gedugte verdedigingswapen teen roofdiere.

Nee, hy steek nie sy kop in die sand nie!

Dit is waarskynlik die bekendste mite oor volstruise: Wanneer hulle bang word, steek hulle glo hul koppe in die sand.

Dit is nie waar nie. Wanneer 'n volstruis nie van gevaar kan weghardloop nie, kan hy laag teen die grond gaan lê en sy lang nek plat hou. Van ver af kan die kop en nek teen die grond wegval en dit laat lyk asof die voël sy kop begrawe het.

Volstruise steek dus nie hul koppe in die sand om probleme te ignoreer nie – al gebruik ons dié uitdrukking graag vir mense!

'n Eier soos min

As die wêreld se grootste voël gaan jy natuurlik nie 'n klein eiertjie lê nie.

'n Volstruiseier kan meer as 1,5 kg weeg en die inhoud daarvan is ongeveer gelykstaande aan 24 hoendereiers. Die volstruis-eier word ook dikwels beskryf as die grootste enkele sel in die diereryk.Wanneer die kuikens uitbroei, is hulle reeds amper so groot soos 'n volwasse hoender. Daarna groei hulle ongelooflik vinnig en kan hulle binne sowat ses maande na aan hul volwasse grootte wees.

Geen tande? Geen probleem!

Volstruise is omnivore en benut wat hul omgewing beskikbaar stel. Hul dieet kan plante, sade, vrugte en insekte insluit, asook klein diertjies wanneer die geleentheid hom voordoen.

Maar hoe kou jy jou kos sonder tande? Jy laat klippe die werk doen!

Volstruise sluk klein klippies en gruis in wat in die spiermaag help om voedsel fyn te maal. Hul spysverteringstelsel is uitste-kend aangepas om soveel moontlik voeding en water uit hul kos te benut, 'n belangrike voordeel wanneer jy in die droë dele van Afrika woon.

Vere sonder 'n reënjas

Nog 'n interessante verskil tussen volstruise en baie ander voëls is hul vere. Volstruisvere het 'n losser, sagter struktuur en bied nie dieselfde indrukwekkende waterdigte bedekking wat 'n mens by baie vlieënde voëls sien nie.Dit help om die volstruis sy kenmerkende wollerige voorkoms te gee – en ná 'n goeie reënbui kan daardie vere sommer behoor-
lik deurmekaar lyk!

Het jy geweet?

- Die volstruis is die grootste en swaarste lewende voël ter wêreld.
- Hy kan teen ongeveer 70 km/h nael.
- Volstruise is die enigste lewende voëls met net twee tone aan elke voet.
- 'n Volstruis se oë is groter as sy brein.
- Een volstruiseier bevat ongeveer dieselfde inhoud as 24 hoendereiers.
- Omdat volstruise geen tande het nie, sluk hulle klippies en gruis in wat help om hul kos fyn te maal.
- Hulle is uitstekend aangepas om in die warm, droë dele van Afrika te oorleef.

'n Eg Suid-Afrikaanse gunsteling

Van sy enorme oë tot sy vreemde tweetoonvoete is daar min aan 'n volstruis wat gewoon is. Hierdie voël hoef nie die lug in te vaar om indrukwekkend te wees nie – met sy lang bene, geweldige spoed en die vermoë om in van Afrika se warmste en droogste gebiede te oorleef, het hy sy eie manier gevind om te floreer.

Die volgende keer wanneer 'n volstruis jou van agter 'n draad af dophou, onthou dus: Daardie groot oë behoort aan 'n voël wat jou waarskynlik maklik in 'n resies sal wen – en met net twee tone nogal!

Bronne:

Fact Retriever. *24 Amazing Ostrich Facts You'll Love.*
https://www.factretriever.com/ostrich-facts
15 Fun Facts. *15 Fascinating Facts About the Ostrich.*
https://15funfacts.com/ostriches
Fact Animal. *19 Outstanding Ostrich Facts.*
https://factanimal.com/ostrich/
The Fact File. *50 Interesting Facts About Ostriches.*
https://thefactfile.org/facts-about-ostriches/

Glacier Cold Rooms

Simple. Strong. Reliable.

RAINBOW RESERVOIRS

Holding Africa's Water
30 Countries
and Counting



- MINING
- AGRICULTURE
- INDUSTRY
- FOOD & BEVERAGE
- MUNICIPAL
- FIRE FIGHTING

- High corrosion resistance
- Cost effective
- On-site assembly
- Tough and durable
- Low maintenance
- 5kL to 4000kL

- Steel-domed roofs or open-top tanks
- Human consumption/ food grade certified
- Tanks < 350kL require no concrete foundation

www.rainbowtanks.co.za

sales@rainbowres.com

+27 (0)11 965 6016

ASIB LISTED AND APPROVED SUPPLIER

South Africa

WISA Water Institute of Southern Africa

FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

WEIGH WITH

CONFIDENCE

WEIGHCRATE
WITH NECK CLAMP

Built for accurate weighing and efficient cattle handling, the Weigh Crate with Neck Clamp combines heavy-duty construction with practical functionality for everyday livestock operations.

Available with or without a 2-ton scale.

HEAVY-DUTY CONSTRUCTION
BUILT FOR DEMANDING FARM CONDITIONS.

STIPP

GOOD IDENTIFICATION IS GOOD MANAGEMENT

COMPLIANCE. SAFETY. BEST PRACTICE.
FREEZE BRANDING DONE RIGHT!

Dry ICE 4 FARMING

TRUSTED BY SOUTH AFRICAN
LIVESTOCK PRODUCERS.

078 164 1712 | www.dryice.co.za

Trusted in Southern Africa for over 40 years

- INCREASED ENERGY EFFICIENCY
- WATER SAVING
- HIGH COEFFICIENTS UNIFORMITY

VYRSA

Proudly distributed by IU IRRIGATION UNLIMITED

Learn more
www.iunlimited.co.za
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054
Henko Cilliers +27 71 303 8829

FIND YOUR NEAREST DEALER
PTA +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194

BOSS POWER.
VALTRA INNOVATION.

The Valtra S6 Series, built for serious power, precision, and comfort. Whether you're working the fields or pulling heavy loads, the S6 delivers consistent performance with intelligent technology to match. Designed for the toughest conditions and trusted by farmers worldwide, now ready for South Africa.

DESIGN AWARD 2025

reddot winner 2025
best of the best

GOOD DESIGN

- **Power That Commands Respect**
  Up to 309kW from AGCO Power 8.4L engines.
- **Smart Farming Technology**
  Comes standard with Valtra SmartTouch, Auto-Guide, and precision farming tools.
- **Comfort Like No Other**
  Spacious cab with premium air suspension, ergonomic controls, and ultra-low noise levels.
- **Tough, Reliable, and Fuel-Efficient**
  Designed for high productivity and low operating costs.
- **Built for African Conditions**
  Rugged chassis and advanced cooling system ensure optimal performance, even in extreme climates.

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac